

MAN EN VROU

Wat is ware liefde? Hoe werk dit?

D.C.S. van der Merwe

WOORD VAN AANBEVELING

Lees maar enige geskrif van professor D.C.S. van der Merwe en elke keer kom jy onder die indruk van die man se buitengewone oorspronklikheid in segswyse, diepgaande besinning en ryke lewenservaring. Hier is nie iemand wat maar bloot met 'n "beleid" (bv. vir die kerk, politiek, kultuur ens.) na jou kom nie, maar dit is elke keer 'n **belydenis** - dat die waarheid volgens God se Woord bely word op alle lewensterreine.

Sal dit dan nie juis ook weer die geval wees as hy die huwelik en wat daarmee saamhang aan die orde stel nie? Kom, begin dit maar lees en jy sal dadelik sien wat ek bedoel... en ek weet: jy sal aanhou lees en klaar lees en baie oor die dinge begin dink! En dit is wat D.C.S. van der Merwe met ons regkry. Mense in sy vroeëre gemeentes sal dit vir jou vertel, op die sendingveld sal jy hierdie spore kry en nou kan nog baie meer Gereformeerde huisgesinne drink uit nog 'n bron van sy kennis - kennis wat soos 'n preek kom met 'n boodskap.

Mag hierdie geskrif "Man en vrou" tot 'n groot seën wees in baie huise van ons volk!

V.E. d'Assonville

Teologiese Skool Potchefstroom, Julie 1980

'Hoewel die deputate van die Calvyn Jubileumboekefonds (C J B F) hierdie werk gekeur het, bly die menings hierin uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, die van die skrywer en moet dit in geen geval beskou word as die standpunt van die C J B F-deputate van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in SA nie.'

Inhoudsopgawe

1 Drie driehoeke: twee heiliges en een onheilige	5
1.1 Ons moet by God begin	5
Ons moet ook by die volmaakte mens begin.....	5
1.2 Ons ken God op twee maniere.....	5
Die Bybel as bril die enigste norm	6
Ons mag die wêreld nie somaar verag nie.....	6
1.3 Seks by die heidene en ongelowiges: die onheilige, "ewige" driehoek.....	6
Seks is meer as net voortplanting of orgie	7
1.4 Die eerste heilige driehoek: man, vrou en God	7
Die menslike liggaam nie bloot draer van 'n seksorgaan nie	8
Die eerste heilige driehoek	8
Die verhouding tot God is deurslaggewend	9
Sonde, genade en vergiffenis: Christus en die Heilige Gees.....	9
1.5 Die tweede heilige driehoek: man, vrou en liefde; God drie-enig.....	10
Die beeld van God sien ook op die seksuele liefde self	10
Die skepping van manlikheid en vroulikheid was geen mistasting nie.....	11
Die mens kan en mag geen engel wees nie	11
Manlikheid en vroulikheid weerkants die drie-eenheid van God.....	12
2. Huwelik en gesin: verbond en verband.....	13
2.1 Koning en koningin van God se skepping.....	13
Die liefde moet bou en is geen doel op sigself nie.....	13
Man en vrou is saam geroep.....	13
Die kultuuropdrag gehandhaaf ten spyte van die sonde.....	14
2.2 Verbond en verband.....	14
'n Verbond is vry maar bindend	14
'n Verband is 'n natuurlike feit	15
2.3 Werkverbond en genadeverbond: Eerste en tweede Adam	15
2.4 Die huweliksverbond.....	15
'n Duursame houer vir die vlam van God.....	16
Seksuele opvoeding begin aan tafel	16
Anonieme seks of jaloerse liefde	16
2.5 Proefhuwelike is huweliksvernietigend.....	17
Die wil om lief te hê uitgeskakel.....	17
Goeie seksuele "tegniek" moet alles regmaak.....	17
Wettige en eerbare verlowing die regte voorbereiding	18
3 Emansipasie — nie net van die vrou nie maar ook van man en kind	19
3.1 Onenersheid is nie gelyk aan ongelykheid nie	19
Man en vrou is nie eners nie.....	19
Man, vrou en kind het al drie emansipasie nodig.....	19
Die kind bly kind.....	20
Gelykheid en ware vryheid deur onenersheid	20
3.2 Elke mens is seksueel 'n individu, regstreeks aan God verantwoordelik	20
Permissiwiteit geen oplossing nie	21
Genade en vergiffenis.....	21
'n Koning beheers en regeer homself	21
Gedurige seksuele bevrediging is nie noodsaaklik nie.....	22

Geen twee mense is seksueel eners nie	22
Seksuele energie word nie alles in seksuele verkeer gebruik nie.....	23
3.3 Alle tussen-menslike verhoudinge is seksueel maar nie op 'n orgasme gerig nie	23
Broer en suster het eers getrou, nou is dit bloedskande	23
Medemenslikheid is nooit los van manlikheid en vroulikheid nie.....	23
Vriendskapsliefde is ook 'n gawe van God	24
3.4 Ware en volledige emansipasie — van man, vrou en kind	24
Emansipasie van valse dogmas	25
Christus bevry ons waarlik.....	25
4. Bevolkingsontploffing en kultuurroeping.....	27
4.1 Die pil as emansipasiemiddel	27
Die kind "oorwin" die dood	27
Kinders word te veel	27
Die pil bring 'n nuwe slawerny.....	27
Manlike lamelndigheid en vroulike terrorisme	28
4.2 Kultuuropdrag en wêreldeinde	28
God beheers die wêreldgeskiedenis: God sorg	28
4.3 Kinders kan 'n ramp wees	29
Kinders in die oneindige	29
Verantwoordelike ouerskap.....	29
God regeer ook oor die moederskoot	30
Die pil los niks op nie; eerlike liefdesarbeid wel	30
4.4 Slotsom	31
Uittreksels uit die Belydenisskrifte.....	32
NGB Artikel 2 - Die middele waardeur ons God ken	32
NGB Artikel 8 - God is een Wese en onderskeie in drie Persone	32
NGB Artikel 9 - Skrifgetuienis oor die leer van die Drie-Eenheid	32
Die Geloofsbelydenis van Athanasius	34
Heidelbergse Kategismus, Sondag 41	36

1 Drie driehoeke: twee heiliges en een onheilige

1.1 *Ons moet by God begin*

In enige redenasie of betoog is 'n mens se beginpunt van deurslaggewende belang. Meestal word dit nie duidelik en bewus gesê of genoem nie, maar tog bepaal dit die hele gang van sake en ook die uiteindelijke resultaat. As 'n selfsugtige en selfgesentreerde man en net so 'n vrou rusie maak, is by elkeen die uitgangspunt sy eie ek alleen, en daarom kan daar geen vergelyk of enige waarheid bereik word nie. Verdere onuitgesproke veronderstellinge aan beide kante besoedel gewoonlik die saak verder onredbaar.

In hierdie studie wil ons nie in dieselfde kleigat vasval nie, en daarom moet ons baie duidelik en helder ons beginpunt asook ons bewuste, en selfs halfbewuste, veronderstelling stel. Wesenlik het ons in die saak van man en vrou vandag met 'n wêreldwye rusie tussen 'n sondige, selfsugtige man en 'n net so sondige selfgesentreerde vrou te doen. As ons by hierdie mense begin, sal ons nooit tot die waarheid kom nie. Hulle is in die eerste plek partye wat belang het en wat ten volle betrokke is by die geskil en rusie; in die tweede plek is albei sondaars. As ons vanuit die sonde en sondaars redeneer, kan ons nooit by die waarheid en vryheid van man en vrou uitkom nie en daarmee niemand help nie. As 'n mens wat nog nooit 'n vliegtuig gesien het of daarvan gehoor het nie, by 'n vliegtuigwrak in 'n oerwoud uitkom, sal hy in der ewigheid nie kan uitmaak wat gebeur het nie, allermins nog wat die oorsaak van die ongeluk was en hoe om sake weer reg te stel. Hy sal alleen in sy gedagtes êrens kan kom as iemand vir hom kan vertel wat 'n vliegtuig is en as hy die bouplanne daarvan kan sien. Met ander woorde, hy moet die volmaakte model en plan van die fabrikant sien en begryp, voordat hy iets aan die wrak kan doen.

Menslike seksuele verhoudinge is vandag net so 'n vliegtuigwrak in 'n oerwoud. As ons nie by die Beplanner en Fabrikant begin nie, sal ons nergens kom nie.

Ons moet ook by die volmaakte mens begin

Daarom moet ons by God, die Skepper, "Fabrikant" van die mens, man en vrou, en die Beplanner van hulle liefdeslewe, begin. Slegs dan begin ons by die Volmaakte en Oorspronklike, en slegs dan sal ons by die uiteindelijke, voleindigde volmaaktheid van die mens en sy liefde kan uitkom. Die ware lyn van Volmaakte tot die menslik volmaakte gee ons ook 'n bruikbare leidraad deur vandag, hierdie sondige wêreld, sy seksuele ellende, worsteling en stryd.

Diegene wat nie aan God glo nie en net by die mens wil stilstaan, hoef hier nie verder te lees nie. Diegene wat in God glo, kan moontlik hier bietjie lig en leiding vind.

1.2 *Ons ken God op twee maniere*

By Calvyn leer ons van die volstreekte soewereiniteit van God oor die ganse menslike lewe en ook van die volkome onfeilbaarheid van die Bybel as Woord van God. Hierdie twee radikale beginsels maak van die Calvinisme geen lewens- en mensvreemde leer nie. Dit is ook hoegenaamd nie mens-vyandig soos deur die meeste anti-Calviniste lankal verkondig is en vandag nog verkondig word nie.

Om die mens te verstaan en tot sy reg te laat, kom moet ons God ken en verstaan, want Hy alleen is die Skepper van die mens en die Beplanner van sy lewe. Die menslike wrak van vandag is onbegryplik as ons nie by die oorspronklike volmaakte Goddelike skeppingsplan kan begin nie.

Die meeste Christene aanvaar die Bybel gelowig as die Woord van God en bestudeer dit om God en sy skeppingsplanne te kan ken. Die Calvinistiese kerke bely egter dat ons God op twee maniere kan en moet ken. Dit word bely in [artikel 2](#) van die Nederlandse Geloofsbelijdenis, wat soos volg lui:

"Die middele waardeur God geken word. Ons ken Hom deur twee middele. Ten eerste deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, soos die apostel Paulus sê, Rom. 1:20; dinge wat almal genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontnem. Ten tweede maak Hy Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy Heilige en Goddelike Woord, soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort."

Dieselfde waarheid vind ons bv. in Psalm 19 onder die opskrif "Openbaring in natuur en Skrifuur."

Die Bybel as bril die enigste norm

Die Skrif alleen is egter die norm, die bril waardeur ons die boek van die natuur moet lees. As ek my bril opsit en in die lug kyk, sien ek niks nie — soos baie goeie Christene wat net met Bybeltekste goël en die Skrif- en geskiedenisverband heeltemal buite rekening laat. As ek, aan die ander kant, sonder die Skrif as bril met my sondige en swak oë na die sondige en geradbraakte natuur gaan, dan kom ek vandag net by een groot gewirwar uit, veral ten opsigte van die heilige en delikate probleem van die verhouding van man en vrou, die wese van seksualiteit en die kern van waaragtige medemenslike liefde.

Ons mag die wêreld nie sonder verag nie.

Die grondgedagte wat ons hier moet vashou, is dat die Bybel die woord *wêreld* in tweërlei sin gebruik, nl. as God se wêreld, wat Hy geskep het en nog altyd liefhet (Joh. 3:16) en wat selfs vandag nog wesenlik goed en bruikbaar is (1 Tim. 4:4, 5), en as Satan se wêreld, 'n wêreld wat hy nie geskep het nie maar van God gesteel het, om *tydelik* daarvan owerste te word. Van hierdie wêreld van Satan mag die Christen geen deel wees nie (Joh. 17:16 en Rom. 12:2a), maar ons mag nie vergeet dat Christus dit van Satan vir God terug sal verower nie (1 Kor. 15:28).

Intussen regeer en beskik God alles, en daarom kan ons sy spore en werke in geskiedenis en natuur raaksien en Hom daardeur ken, mits ons dit deur die bril van die Bybel as enigste en finale norm sien. Dit is noodsaaklik omdat God nie alles in die Skrif openbaar nie en ons daarom ook baie uit geskiedenis en natuur moet leer, wetenskaplik en andersins, ook in verband met man en vrou.

1.3 Seks by die heidene en ongelowiges: die onheilige, "ewige" driehoek

Ons kyk nou eers wat ons in verband met seks by mense vind wat nog nooit van die Bybel gehoor het nie of wat dit al weer losgelaat en skoon vergeet het. Die kern van hierdie gewens uit geskiedenis en natuur bekyk ons dan later by die lig van God se Woord.

Die heidendom oor die wye wêreld het sonder die Skrif en die geopenbaarde wet van God op verskillende maniere met die probleem van seks geworstel, en tot baie verskillende gewoontes en konklusies gekom, soos Paulus byvoorbeeld in Rom.1 beskryf. By sommige godsdienste het daar 'n dualisme ontstaan van sogenaamde heilige mense of priesters, wat in een of ander vorm van wêreldmyding of askese bokant seks verhewe sou wees, en ander mense wat maar net eenvoudig moes aantel en hierby die plesier van seks gegun is. Dit is veral aan die man gegun, omdat die vrou eenvoudig as speelding of/en aantelwing beskou en behandel is. By die Islam is die plesier van seks in sekere sin verleng tot in die hiernamaals. By die Grieke was die filosofie eenkant, bokant die volk en seks verhewe; vir die volk was die veelvoudige en anonieme orgie die toppunt van sogenaamde werklike lewe. Seksuele tug was meestal net uitwendig en op die voortplanting van koningshuise gerig. By laasgenoemde is mense "geteel" met die vooropgesette doel van handhawing van mag en gesag in die hande van 'n bepaalde familie. Die mens het besef dat een geslag te

min was om sekere doelstellings te bereik en sekere bouwerke te voltooi en het daarom intens belang gestel in sy kinders en die moeders deur wie hulle gebaar moes word. In enkele gevalle vind ons in die kuns van die volke die lof en heerlijkheid van 'n bepaalde vrou bloot terwille van haar skoonheid en vroulike aantreklikheid. Dikwels is daarvoor ten dode toe geveg deur die manne wat haar begeer het.

Seks is meer as net voortplanting of orgie

In beide die verafgoding van seks in baie vorme en in die veragting daarvan straal dit deur dat mense dikwels tot die besef gekom het dat die liefde tussen man en vrou en veral die seksuele begeerte van die man iets meer inhou as die blote voortplantingsvermoë of een ander ekstase van die oomblik in die orgie. Dit is raakgesien dat die individuele mens hier met 'n blinde mag en krag te doen het wat sy baas is, wat hom onverbiddelik dryf en dwing.

Dit sien ons veral baie duidelik by die moderne, afgedwaalde Christendom, waar ons allerlei heidense skakeringe en opvattinge en praktyke vind, met soms nog 'n sterk Christelike basis, wat dikwels onder- of onbewus 'n belangrike rol speel. Die Christelike ideaal en beginsel van die lewenslange monogame huwelik is in sekere sin die voorwaarde van die baie dramas om die tema van die sogenaamde "ewige driehoek". Dit is die leer en praktyk dat 'n derde party altyd in enige huwelik of wettige liefdesverhouding onvermydelik is. Dit is die drakrag van die meeste Westerse liefdesverhale. Dit verskil radikaal van 'n ander soort drama, waarin ons 'n botsing kry tussen die spontane liefde van twee, meestal, jong mense en 'n verpligte huwelik wat hulle deur ouers of familie opgelê word ter wille van een of ander dinastie of saak wat nagestreef word, bv. om geld in een of twee families bymekaar te hou. In hierdie geval is die botsing tussen die ware, vrye liefde en 'n kunsmatig geforseerde huwelik, wat niks met die liefde as sodanig te doen het nie.

By die "ewige driehoek" is dit anders, nl. die botsing tussen twee min of meer gelykwaardige liefdes. Hierdie onheilige driehoek kan eintlik net op Christelike bodem ontstaan. Daar moet die geloof aan 'n wettige, eerbare, selfgekoose huwelik wees en ook die geloof dat die derde party net so vol en volwaardig mens en geliefde is as die wettige eggenoot of eggenote. 'n Hoer of geisja-meisie of 'n blote "play-boy" is minderwaardig teenoor die wettige huweliksmaat, behalwe miskien wat die onwettige "pret" betref, en daar kan dus geen drama ontwikkel nie. Die drama kom eers wanneer "vry" gekies moet tussen twee sogenaamde gelykwaardige vryers of vrysters. Die monogame Christelike huwelik leef hier maar raak in die sondige werklikheid van 'n sogenaamde dwingende bygeloof verstrik.

Omdat hierdie drama, uitgesproke of stilswyend, so dikwels in baie mense se lewe voorkom, kom die dwingende vraag na vore: Waarom? Is daar nie 'n diepere wortel of oorsaak wat onherkenbaar deur die sonde verdraai of/en vermink word nie? Waarom kan twee geliefdes nie maar eenvoudig jaar uit en jaar in verlief op en getrou aan mekaar bly nie? Wat se dwang sit daar in die "ewige driehoek" in sy onheiligheid en onheilige gevolge?

As ons hierdie sondige werklikheid met die bril van die Woord lees, dan kom ons by 'n Godgegewe, heilige driehoek uit — eintlik by twee.

1.4 Die eerste heilige driehoek: man, vrou en God

Uit die voorgaande sien ons duidelik dat die openbaring van God deur sy werke in die natuur en geskiedenis onder alle nasies leer dat die liefde tussen man en vrou 'n geweldige en meestal onbeheerbare mag en krag is wat bokant die individuele mens uitgaan en wat, in 'n sekere sin, kwantitatief en kwalitatief onbeperk is. Waar dit lyk of die mens in sy seksuele lewe baie met die dier ooreenstem, word in die natuur geweldige, kardinale verskille openbaar. Liefdes-jaloesie, soos in die wettige Christelike huwelik, vind ons nie by die dier nie, behalwe in sekere sin soms die besitreg van die vroulike deur die manlike diere — 'n bul wat ander bulle uit sy harem wegdryf. Anonieme orgie soos by heidense feeste van mense, waar sogenaamde groepseks op groot skaal plaasvind, kom ook nie by diere voor nie.

Die menslike drif en begeerte vloei aanhoudend; dit mag in sy diepte varieer, maar dit is nie aan 'n "seisoen" of gereelde tydperk van bronstigheid gebind nie. Die menslike liefde duur ook lewenslank en is nie tot die tyd van moontlike aantel beperk nie. Ten spyte van die dwingende mag van die liefde is die mens, hetsy man of vrou, tog in staat om, as hy regtig wil, sy seksdrang volkome te beheer, bv. uit trots of enige ander motief ten opsigte van die liefdesmaat. Dit is 'n koninklike selfbeheersing, wat nie by dier in die bronstyd aanwesig is nie.

Die menslike liggaam nie bloot draer van 'n seksorgaan nie

Die gebruik van die woord *seks* en die hele begrippestel daaraan verbonde word deur die ondervinding in die natuur en geskiedenis geloënstraf. Dit wek die indruk dat seks iets los van die mens is, of in elk geval iets uitwendigs, wat net aan die menslike liggaam aangeplak is, asof mens 'n mens kan wees sonder om man of vrou te wees. Die sogenaamde moderne seksoperasies versterk hierdie gedagte oppervlakkig, asof daar net by 'n sekere mens 'n ander seksuele orgaan aangesit kan word. Die siel of innerlike van die mens, wat manlik of vroulik is, word heeltemal op die agtergrond geplaas, behalwe in soverre as dat by sulke operasies die noodsaak daarin geleë sou wees dat 'n sekere mens, wat 'n vroulike siel het, dan per abuis 'n manlike liggaam sou hê. Volgens hierdie gedagtegang sou dit dan diskriminasie wees om van meneer of mevrou te praat en mag slegs van persoon so-en-so gepraat word.

Die natuur en geskiedenis dui aan wat die Bybel baie duidelik openbaar en leer, nl. dat 'n mens slegs volledig en normaal mens kan wees as hy man is of sy vrou is. Man en vrou is hulle geskape, en manlik of vroulik word elke baba gebore. Na elke geboorte is dit die heel eerste vraag wat gestel word: Is dit 'n seuntjie of 'n dogtertjie? Dit bepaal en beperk die hele lewe van die gebore mensie. Dit berus nie by homself nie, ook nie by sy ouers nie, maar is die uitsluitlike prerogatief van God, wat dit beskik en bepaal sonder enige opgaaf van redes. Dit is 'n inherente deel van die beeld van God (Gen. 1:27), net soos die heerskappymotief in hierdie beeld (Gen. 1:26). Hiermee kom ons by die reeds genoemde twee heilige driehoeke uit.

Die eerste heilige driehoek

Die eerste is die van *God, man en vrou*. Die mens is hoegenaamd nie goddelik of in enige opsig aan God gelyk nie: God is ewige en almagtige Skepper, die mens is tydelik en skepsel, maaksel van God se hande. Tog is hy deur God na sy beeld geskep. Daarom is hy ook nie bloot tydelik nie: hy word wel op 'n bepaalde punt in die tyd geskep of gebore maar lewe daarvandaan af tot in alle ewigheid. "Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind" (Pred. 3:11). "Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd: . . ." (Pred. 3:1) — ook vir die liefde tussen man en vrou.

Tog het hierdie liefde in sy diepste wese ewigheidsmomente, ver bo die blote voortplanting en die ekstase van die oomblik uit, nie net hiernamaals nie maar nou reeds op aarde al. Die krag van die ewigheid pols daarin, en daarom word dit onverstaanbaar as die ewigheidsmoment uitgeskakel word." . . . want liefde is sterk soos die dood, die liefdeswyer is hard soos die doderyk, sy gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam van die Here" (Hooglied 8:6).

Dit geld van albei heilige driehoeke, maar hier by die eerste gaan dit om die feit dat man en vrou se liefde vir mekaar in hulle liefde vir God veranker is en moet wees en bly. Die sewende gebod, wat oor die huwelik handel, staan nie per abuis sewende nie; dit is wesentlik so veranker in die eerste vier gebooie, wat veral oor die verhouding van die mens tot God handel. Dit leer Jesus self ook: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matt. 22:37-39, waar Jesus letterlik uit die Ou Testament aanhaal, nl. Deut. 6:5 en Lev. 19:18). 'n Mens se

naaste is jou man of vrou, met wie jy in die huwelik een vlees word en met wie jy jare lank dag en nag saam moet leef.

Die verhouding tot God is deurslaggewend

As man en vrou net in hulle liefde vir mekaar leef en rondmaal, dan moet dit ontplof of by die reeds genoemde onheilige driehoek uitkom. Die gloed en sterkte van die liefde, waarvan Hooglied praat, kom daarvandaan dat beide die mens en die liefde van man en vrou in God veranker is. Die mens is beeld van God geskep. God is self Liefde, en die liefde van die mense vir mekaar is ook beeld van die goddelike liefde. As man en vrou nie, juis in hulle liefde vir mekaar, God bo alles liefhet nie, soek hulle God by mekaar en in mekaar se liefde. Dit moet noodwendig tot ontnugtering en teleurstelling lei.

Dit is afgodediens, wat God nooit kan en sal gedoog nie en wat vanself tot verandering van afgod lei: as my afgodjie my teleurstel, soek en vind ek 'n ander — siedaar die sondige en onheilige "ewige driehoek"! Een afgodjie is so goed of so slegs soos die ander — vandaar die bitterheid en drama in die keuse tussen verskillende vryers of vrysters in die sogenaamde "ewige driehoek".

Die werklikheid en waarheid van hierdie eerste heilige driehoek word ook duidelik in die Huweliksformulier gestel en deur die geskiedenis en die natuur bevestig. Die Huweliksformulier roep die man op om nie teen sy vrou verbitterd te word nie en om verstandig met haar saam te woon. . . "sodat u gebede nie verhinder word nie". Die vrou moet die heilige vroue navolg "wat op God gehoop het en aan hulle mans onderdanig was". As man en vrou nie saam en afsonderlik reg voor God lewe nie, d.w.s. in hulle gebede, dan sal hulle seksuele lewe ook verdor; as laasgenoemde nie met verstand uitgevoer word nie, sal hulle gebede voor God verstom. Hoe dikwels sien ons nie in die godsdiensgeskiedenis dat valse godsdiens met ontug en onsedelikheid, bv. in die heidense tempelprostitusie, met sy hoere en skandseuns, valse "liefde" saam loop, en, goddank, die omgekeerde ook; dat ware liefde en ware godsdiens jaar uit en jaar in saam loop nie? Die erkenning en handhawing van hierdie eerste Godgegewe en heilige driehoek is deurslaggewend vir die menslike liefdeslewe tussen man en vrou.

Sonde, genade en vergiffenis: Christus en die Heilige Gees

Omdat die liefde tussen man en vrou so heilig is, is daar baie Christene wat glo — of ten minste handel asof hulle glo — dat alle sondes teen die sewende gebod onvergeeflik is. Baie opregte en stoere Christene sal hulle kinders alle sondes vergewe, maar wegjaag as hulle seksueel sondig. Christus leer ons die teenoorgestelde en toon in baie gevalle duidelik aan dat Hy ook tot versoening van seksuele sondes gekom het en dat genade van God hier net so ryk is as by ander sondes. Sy opdrag om mekaar sewentig maal sewe keer te vergewe (Matt. 18:22) is seker nêrens in die menslike lewe so absoluut noodsaaklik as in die liefdesverhouding tussen man en vrou nie. Geen huwelik kan vir 'n enkele dag sonder genade en vergiffenis werklik en eerlik stand hou nie. As eggenote mekaar hierdie vergiffenis skenk deur die werking van die Heilige Gees, op grond van die kruis van Christus, dan kan die eerste heilige driehoek steeds herstel **word wanneer dit deur die sonde** geskaad is, en hoef nie dit op die soek na 'n ander, beter gewaande huweliks- of liefdesmaat in die sondige "ewige driehoek" uit te loop nie. Sonder genade en vergiffenis in Christus en die vertroosting van die inwoning van die Heilige Gees in elke gelowige (1 Kor. 3:16, o.a.) kan geen verantwoordelike man en vrou 'n lewenslange huwelik aangaan nie.

Tempels, skrywer oor Bantoe-filosofie, sê ook duidelik dat die heidense Bantoe glad nie in staat en bereid is om op eie houtjie. individueel. so 'n verbinding aan te gaan nie. By hierdie mense neem die gemeenskap en familie dan die plek van God in om die huwelik te sluit en sy duur te waarborg. Die moderne Weste het die individuele mens losgemaak van die gemeenskap, maar, veel erger nog, van sy God, sy Skepper, Herskepper en Heiligmaker, en vandaar al die ellende en verwarring op seksuele gebied.

Net soos by die horisontale liefdesverhouding van man en vrou, so is ook by die vertikale liefdesverhouding tussen hulle, gesamentlik en afsonderlik, tot God, genade en vergiffenis op hierdie sondige aarde die enigste middel waardeur die eerste heilige driehoek gehandhaaf en gebou kan word.

1.5 Die tweede heilige driehoek: man, vrou en liefde; God drie-enig

By baie volke is die enigste wettige seksuele verkeer tussen man en vrou die wat op die verwekking van 'n kind gerig is. In die kultuurgebod van Gen. 1:28 lyk dit ook so: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit. . ." Baie goeie Christene en selfs sommige kerke neem dit ook só op. Die mens en sy vrou word hier en in vers 26 aangestel as koning en koningin van God se skepping: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers ..." Tog mag ons nie verwaarloos wat so duidelik in vers 27 geopenbaar word nie: "En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van , God het Hy hom geskape; *man en vrou het Hy hulle geskape*". Dit sluit aan by die eerste openbaring van die drie-eenheid in die "Ons" en die "mense" (meervoud) in vers 26. (Vgl. hier die aanhaling van hierdie teks in [artikel 9](#) van die Nederlandse Geloofsbelydenis.)

Die eerste element van die beeld van God, nl. die heerskappy oor die ander skepsele, het deur die eeue heen volle erkenning in kerk en teologie gevind. Die tweede, nl. manlikheid en vroulikheid, is om een of ander rede skromelik verwaarloos en meestal totaal misgelees. Die enigste teoloog by wie ek iets spesifieks daarvoor kon vind, is Karl Barth. Hy beperk hom egter net tot die verhouding van die "ek" en die "jy". Ons insiens moet hier in die eerste plek raakgesien en vasgehou word, dat die liefde van man en vrou vir mekaar, gesamentlik en afsonderlik in hulle liefde tot God, veranker is en veranker moet bly — die eerste goddelike en heilige driehoek, wat ons reeds behandel het.

Die beeld van God sien ook op die seksuele liefde self

Hierdie stelling mag vir baie vrome en opregte Christene godslasterlik lyk. Onder invloed van baie vorme van seksuele askese en in ons tyd veral van die Victorianisme, het baie Christene daartoe gekom om alle seksuele begeerte en plesier as vuil en sondig te beskou. Ter wille van die voortplanting van verbondskinders mag 'n minimum daarvan as 'n noodsaaklike euwel toegelaat word. Daar word nie op gelet dat die tiende gebod nie alle begeerte as sondig bestempel nie. "Jy mag nie *jou naaste se huis* begeer nie; jy mag nie *jou naaste se vrou* begeer nie . . ." Dit is baie duidelik, maar juis in hierdie duidelikheid impliseer dit net so helder dat jy wel jou eie huis mag begeer en daarvoor mag werk, en dat jy wel jou eie vrou mag begeer, liefkoos en vertroetel, met haar speel, soos Isak met Rebekka, sy vrou (Gen. 26:8). Die sogenaamd harde en onbarmhartige Moses bepaal dan 'n wittebroodstyd van 'n volle jaar: "As 'n man pas getroud is, hoef hy nie op kommando uit te trek nie, en hulle moet hom in geen enkele opsig iets oplê nie; een jaar lank moet hy vry wees vir sy huis en aan sy vrou wat hy geneem het, vreugde verskaf" (Deut. 24:5).

Dit gaan hier nie om kinders te verwek nie maar om die genot van die seksuele liefde self. Net so vind ons in Gen. 2 by die voltrekking van die eerste huwelik, na die skepping van Eva, geen sprake van die kind, soos in Gen. 1:28, nie. Eva is 'n hulp wat by Adam pas; die man sal sy vader en moeder verlaat, en hulle sal een vlees wees. "En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hulle nie geskaam nie" (v. 25). Hierdie sondelose naaktheid, wat in Gen. 3 deur die sonde verdwyn, word tog weer heerlik in die liefdeslied van Hooglied uitgebeeld. Ook hier is geen sprake van die kind nie. In die natuur sien ons ook dat die liefdeslewe van man en vrou kan voortgaan, nadat die tyd van kinders kry fisiologies verby is.

Dit alles wys uit dat selfs die Ou Testament, wat so sterk op die verbondsopeenvolging van die geslachte gerig is, die liefde self in sy eie reg erken. As Paulus in 1 Kor. 7 oor die huwelik handel, stel hy die saak wel enigszins negatief, ter wille van die hoerery, maar nogtans erken hy die noodsaaklikheid van verkeer tussen man en vrou afgesien van die verwekking van

kinders. "... maar as hulle hul nie kan beheers nie, laat hulle trou; want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand" (v. 9 — nuwe vertaling: ". . . beter om te trou as om deur hartstog verteer te word").

Die skepping van manlikheid en vroulikheid was geen mistasting nie

Die feit dat die mens manlik en vroulik geskep is en nog steeds so gebore word, is geen ramp of skande nie maar 'n inherente deel van die volkome volmaaktheid van God se skepping; m.a.w. ek moet myself as man of vrou uit die hand van God aanvaar. Manlikheid en vroulikheid is nie 'n produk van Satan nie, hoewel die sonde van die begintye af geweldig daarop voorttiet. Alle *wettige* manlike drifte en begeertes (en net so die van die vrou) is deur God in my ingeskep en nie iets om op sigself oor skaam en minderwaardig. sondig en skuldig te voel nie. Die vlam van God in my is baie goed, nie iets veragteliks en vuil nie. maar 'n gawe om te gebruik en wel nie te misbruik nie (1 Tim. 4:1-5, veral v. 4). As ek dit in sonde misbruik, is hier ook vergiffenis in Christus en herstel en heiligmaking deur die Heilige Gees. Die aangehaalde openbaringe, wat aandui dat die seksuele liefde, afgesien van voortplanting, nie op sigself sondig is nie, vind hulle fondament in die feit dat die mens in sy manlikheid en vroulikheid na die heilige beeld van God geskep is (Gen. 1:27).

Die mens is nie na die beeld van die dier geskep nie

Daar is baie sigbare ooreenkomste tussen die seksualiteit van mens en dier. Oppervlakkig beskou, lyk dit of die twee eners is. Ons sou dan kon sê dat die mens in hierdie opsig die beeld van die dier vertoon. Allerlei skakeringe van evolusionisme, wat glo dat die mens uit die dier ontwikkel het, is maar alte gou om die menslike seksuele lewe te verdierlik. Baie goeie Christene, wat nie aan die evolusionisme glo nie, is gou om te sê dat 'n mens verdierlik het as hy in growwe seksuele sondes verval. Soos reeds in die voorgaande aangetoon is, is daar liederlikhede wat by die sondige mens voorkom, wat ons glad nie by diere aantref nie. Die seksuele misdrywer word nie dierlik nie maar meer as benede-dierlik, as ons dit so mag noem. Reaksie teen allerlei miskenninge van die seksualiteit van die mens bring ook hierdie gedagtes van die beeld van die dier en loop dan prakties op totale losbandigheid en permissiwiteit uit. Dit maak die mens, wat deur God as koning en koningin geskep is, dan totale slaaf van sy ontaarde seksualiteit — waarvan daar oorgenoeg voorbeelde in die moderne wêreld is. Die dier se geslagsdrif word deur die natuur en seisoene as't ware outomaties gereël; die individuele dier het daar eintlik geen seggenskap oor nie. Daarom kan die mens in sy diereteelt dit meganies uitwendig reël — nog 'n voorbeeld van die menslike koningskap oor die skepping. Hierdie koningskap geld egter die mens self ook intern, in sy hart: hy kan en moet homself seksueel beheers en verkeerde begeertes oorwin.

Die mens kan en mag geen engel wees nie

Naas mense en diere het God ook engele geskep. Uit reaksie teen die growwe en algemene onsedelikheid in die Romeinse Ryk ten tye van die vroeg-Christelike kerk het die Christene hulle ideaal gevind in die volmaakte engele in die hemel, wat deur Christus self in die gebed "Onse Vader" as voorbeeld van gehoorsaamheid voorgelê word. Gedeeltelik hieruit het die Rooms-Katolieke selibaat gegroei, wat van vrome mans en vrome vrouens verwag dat hulle hulle manlike en vroulike natuur volkome moet kruisig en eintlik tot niet maak — sodat hulle soos die goeie engele in die hemel kan word. Jesus leer ons om *net so gehoorsaam* as die goeie engele te wees, maar nie om soos engele self te wees of te probeer word nie.

Mense en diere stem nie net daarin ooreen dat hulle manlik en vroulik is en kan aanteel nie, maar ook daarin dat hulle, hoewel op totaal verskillende maniere, liggame en siele het. Op een of ander manier is beide mens en dier op wonderbaarlike wyse 'n eenheid van stof en gees, wat slegs by die dood verbreek word. Die engele is daarenteen net gees, "dienende geeste" (Hebr. 1:14). Hulle is nie man en vrou nie en kan dus nie vermeerder nie. 'n Vaste

aantal is geskep, en hierdie getal is vandag nog daar. Hulle sterf ook nie soos mens en dier nie. Die goeie engele het nie in sonde geval nie maar deur die genade van God in hulle volmaakte, geskape staat bly staan; die gevalle engele het duiwels geword, en vir hulle is daar geen genade en bekering soos by die mens nie. Duidelik word dit in die eerste hoofstukke van Hebreërs gestel dat die *Mens* Jesus moes kom om die mens te red en dat die mens eintlik hoër as die engel is, hoewel hy as sondige mens tydelik laer as die nie-gevalle engele is.

Vanweë hierdie radikale verskille in die skeppingsaard van mens en engel is dit onmoontlik vir 'n mens om 'n engel te word en is dit ook verbode om dit te probeer word. Dit is regstreekse verzet teen God se skeppingsordeninge. Enige eerlike poging om dit te doen, misluk baie gou. As hierdie mislukking nie eerlik erken word nie, lei dit tot die sluuste huigelary en skynheiligheid, juis op seksuele gebied. Die Victorianisme is so 'n poging om van die mens 'n seksuele engel te probeer maak.

Manlikheid en vroulikheid weerkaats die drie-eenheid van God

Blykens Gen. 1:27 is die manlikheid en vroulikheid van die mens 'n afspieëling van die heilige drie-eenheid van God. In die teologie is hierdie verband soms toegepas op die drie-eenheid van vader, moeder en kind teenoor die van Vader, Seun en Heilige Gees. Dit lyk my egter verkeerd. Die kind is nie geskep soos man en vrou nie en is ook nie noodsaaklik vir die liefdes- en huwelikslewe nie, al is dit gewoonlik die gevolg daarvan. Die parallel van vader, moeder en kind is eerder in die verhouding van God en skepping te vind, want die skepping is ook nie noodsaaklik nie, net soos die kind dit nie is nie. Beide kind en skepping is produkte van liefde en Liefde, maar steeds kontingent (bykomstig).

Eerder moet ons die afskynsel of weerkaatsing van die goddelike drie-eenheid in die menslike drie-eenheid van man, vrou en liefde sien. Man en vrou is in eenheid in liefde geskep, soos ons beide die enkelvoud "die mens" en die meervoud "hulle" in Gen. 1:27 kry. Die liefde as krag (of die krag van die liefde) word in Gen. 2:24 beskryf: dit sleep die man weg van sy ouers af na sy vrou toe, en dit is 'n sterk, heilige vlam van God, wreed soos die doderyk (Hooglied 8:6 en 7). Hierdie liefde is wel geen selfstandige persoon, soos man en vrou nie, en ook nie soos die Heilige Gees die derde Persoon in die goddelike Drie-eenheid is nie, maar tog is dit in sy binding, werking en uitwerking in die ware liefdeslewe 'n waaragtige, selfstandige krag of vlam van God, wat nie misken mag word nie. Watter ander krag op aarde sal 'n man in staat stel om sy lewe lank vir 'n ander mens te werk en te ly indien nodig? Hoe helder en mooi sien ons dit nie in die lewe van sommige vrouens teenoor hulle mans nie, selfs al is die man hoe sleg en nutteloos?

Dit is die tweede heilige driehoek, wat die ware en enigste basis van die heilige huwelik vorm. So alleen sien ons "seks", as ons die woord in goeie sin mag gebruik, in sy suiwere, volmaakte geskape vorm, nl. waaragtige liefde. God is Liefde. Die Heilige Gesin, soos sommige teoloë dit noem, Vader, Seun en Heilige Gees, openbaar hierdie liefde in Hulle onderlinge verhouding volmaak. Hiervan is die menslike liefde tussen man en vrou 'n menslike afbeelding, wat volmaak geskep is en volmaak kon wees en nog steeds behoort te wees. In Christus is dit ook herskep, en deur die Heilige Gees ondergaan dit heiligmaking. Liefde wat 'n afskynsel van die liefde van God is, is hier die kern-werklikheid. In Ef. 6 stel Paulus die liefde tussen man en vrou in hierdie sondige bedeling ook parallel aan die van Christus en die gemeente, wat deur sy bloed gekoop en gereinig is.

2. Huwelik en gesin: verbond en verband

2.1 Koning en koningin van God se skepping

Die man verlaat sy vader en moeder maar mag sy God nie verlaat nie. So ook die vrou en so ook hulle albei saam. Hulle moet die goddelike driehoek, man, vrou en God, asook die tweede heilige driehoek, man, vrou en liefde, handhaaf en uitbou. Alleen daardeur sal hulle by waaragtige menslike liefde kan kom en daarby kan bly, sonder om te verval *in die sondige* sogenaamde "ewige driehoek" en ander seksuele afwykinge, waarin hulle ontpersoonlik word en in slaafse seksualiteit verval. By God self is daar geen sprake van seksualiteit nie. God is egter Liefde en die inter-Trinitêre verhouding is die allervolmaakste liefde. As beeld van God moet die mens, man en vrou, hierdie liefde op menslike wyse tot eer en heerlijkheid van God afbeeld; nie engelagtig nie maar ook nie dierlik of benede-dierlik nie. Dit sien ons die eerste keer in Gen. 2:23-25: heilig, volmaak en naak.

Die liefde moet bou en is geen doel op sigself nie

Hierdie heilige, volmaakte, naakte liefde, wat later weer in Hooglied so vol en ryk besing word, is nie daar net vir die mens bloot om op sigself te geniet nie. Die liefde moet die nodige aandag en tyd ontvang, voor en na die huwelik, soos in die eerste hoofstuk gedeeltelik aangedui. Voor die huwelik moet, dit gebêre word vir die toekomstige maat (Hooglied 7:13); in die huwelik moet dit vertroetel en versorg word. Dit mag nooit in die huwelik 'n blote plig en roetine word nie; hierdie vlam van God moet gevoed en gekoester word net soos enige ander vuur op aarde. Dit mag nie verwaarloos en geblus word nie, net soos die Heilige Gees nie geblus of bedroef mag word nie. Dit is egter nie los van die eerste deel van die beeld van God in die mens nie. Man en vrou is in hulle liefde onderling na die beeld van God geskep (Gen. 1:27) maar tegelykertyd ook geroep en aangestel as koning en koningin van God se skepping om dit te beheers en uit te bou in 'n heerskappy wat die heerskappy van God moet afbeeld (Gen. 1:26 en 28).

Man en vrou is saam geroep

Man en vrou is gelyk, hoewel hoegenaamd nie eners nie — net soos Vader, Seun en Heilige Gees in die heilige Drie-eenheid nie eners is nie maar tog absoluut volkome gelyk is en ewe veel God is. (Lees in die verband [artikel 8 en 9](#) van die Nederlandse Geloofsbelydenis asook die [Athanasium](#).)

In hierdie onenerse gelykheid word hulle *saam* geroep om te bou en hiervoor ook te vermenigvuldig en die aarde te vul. Die Bybel gee hier steeds die meervoud aan; *hulle* en nie hy alleen nie, ook nie sy alleen nie (Gen. 1:26: ". . . laat *hulle* heers . . ."; vers 28: ". . . *hulle* geseën . . . en vir *hulle* gesê . . .") Hiervoor is Eva ook geskep as 'n hulp wat volkome by Adam pas, selfs só dat hulle in die huwelik volkome een vlees word. Uit hierdie eenheid word die nageslag gebore, wat die menslike kultuurtaak moet volvoer.

Adam en Eva faal volkome en kom tot die sondeval, wat God se hele ontwikkelings- en voleindingsplan — menslik gesproke — totaal onmoontlik maak. God laat egter nie die werke van sy hande en sy raadsplan vaar nie, en stel onmiddellik na die sondeval van die mens die ryk Moederbelofte en verkondig self onmiddellik daarmee die Goeie Boodskap, die Evangelie van Jesus Christus, die tweede Adam, wat sou kom.

Dit is baie belangrik dat die belofte van verlossing, seën en oorwinning deur die *geslagslyn* van die mens gaan. God verlos nie deur 'n engel uit die hemel nie (Hebr. 1 en 2), nie deur Self een of ander tyd as 'n kunsmatige *deus ex machina* te verskyn nie maar deur die geboorte van 'n Kind uit die nageslag van die eerste sondaars, Adam en Eva.

Die kultuuropdrag gehandhaaf ten spyte van die sonde

Adam en Eva is saam geroep, en wel deur hulle nageslag wat uit hulle liefde gebore moes word. Hierdie gesamentlikheid kom hierin ten sterkste tot openbaring: as daar een ding is wat beide man en vrou glad nie alleen kan doen nie, dan is dit om 'n kind in die wêreld te bring. Slegs by Maria word *Die Kind* deur die Heilige Gees self verwek, sonder die wil van 'n man (Joh. 1:13). Selfs nadat die sonde so geweldig voortgetier het dat God die sondvloed stuur, handhaaf Hy in die Noagitiese verbond die kultuurroeping en -taak van die mens. Ook hier gaan dit nog steeds deur die menslike vermenigvuldiging en nie deur engeleerheid nie. Nieteenstaande een van die oorsake van die sondvloed verkeerde huwelike was, nl. die van die seuns van God met die mooi dogters van die mense (Gen. 6:2), hef God die huwelik en voortplanting nie op en stel Hy geen vorm van selibaat in nie (Gen. 9:1).

Die liefdesverhouding van man en vrou en die gesin, wat daaruit gebore word, bly dus van deurslaggewende betekenis. Die verwoestende rol van die sonde en die helse magte van Satan slaag nie daarin om die goeie en heilige wat God geskep het, totaal te verwoes nie. Die raadsplan van God gaan deur, en sy skepping ontplooi, o.a. deur die liefde van man en vrou. Die man verlaat die woonplek van sy ouers, en elke paar rig sy eie liefdeshuisie op om van daar uit hulle kultuurtaak uit te voer.

2.2 Verbond en verband

Heel eerste moet hier baie duidelik gesê en ontleed word wat ons met bostaande verskil bedoel. In die menslike lewe is daar allerlei verbande, d.w.s. natuurlike verhoudinge wat as't ware vanself tot stand kom en voortbestaan, sonder dat die betrokke mense daarin enige vrye keuse het. Ouer en kind is so 'n verhouding. Of daar 'n kind sal ontstaan of nie, is wel in 'n mate afhanklik van die keuse van die ouer, maar as die kind eenmaal gebore is, het ons 'n verband wat tot in ewigheid onveranderlik duur. Die ouer en kind kan mekaar wel in sekere sin verwerp, maar 'n kind bly kind van bepaalde ouers. As kind kan ek hoegenaamd nie kies wie my ouers sal wees nie. Broer en suster is ook so 'n verband.

Hierdie verbande kan met liefde aanvaar of verwerp word, maar die verband as sodanig bly staan. Dit geld ook van my geboorte in 'n bepaalde land en onder 'n bepaalde volk met 'n bepaalde taal.

In sy oorsprong is 'n verband dus nie 'n saak van vrye menslike keuse nie — ouers kan selfs nie eers kies of hulle kindjie 'n seuntjie of dogtertjie sal wees nie. Net so is daar 'n natuurlike verband tussen die dele van my liggaam, wat nie op my vrye keuse berus nie.

'n Verbond is vry maar bindend

Hierteenoor is 'n verbond 'n vrywillig aangegane verhouding of ooreenkoms, wat, as dit eenmaal aanvaar is, sekere verpligtinge op albei partye wat daarby betrokke is, lê. Ek kan vry besluit of ek 'n bepaalde stuk grond wil koop of nie, maar as ek eenmaal die koopkontrak geteken het, is ek verplig om te betaal, en die ander party is verplig om die grond aan my te oorhandig. So kry ons verbonde of kontrakte tussen state en owerhede.

Sulke verbonde kom by alle volke voor en onder allerlei soorte mense. Die volmaakste en duidelikste voorbeeld hiervan is egter die verbond van God met sy volk, wat vir ons in die Skrif geopenbaar word. Dit kan soos volg gedefinieer word: "Die in ewigheid verordineerde, in die geskiedenis geïnstitueerde en op die voleinding gerigte *liefdesverhouding* tussen God en sy skepsel, veral die mens wat na sy beeld geskep is". "Hierdie liefdesverhouding is vry, nie vanselfsprekend en ook nie noodwendig nie. . ." (vgl. my *Sending en verbond*, p. 278-86, veral p. 282). Die verbond van God is dus geen natuurlike verband, wat vanselfsprekend is nie; dit moet op een of ander manier gesluit word.

'n Verband is 'n natuurlike feit

'n Verband is 'n natuurlike relasie, wat eenvoudig as feit aanvaar moet word. 'n Verbond is vry, dit berus op 'n verantwoordelike keuse, positief of negatief, maar as dit eenmaal aanvaar is, is dit vir albei partye bindend.

Dit sien ons by God drie-enig ook. Die verhouding en verband tussen Vader, Seun en Heilige Gees is 'n ewige en heilige feit, soos so mooi en duidelik bely in die [Atahanasium](#) en in [artikel 8 en 9](#) van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Daarteenoor is die verbond tussen Vader, Seun en Heilige Gees om die skepping te red (die sogenaamde Vredeverbond of *Pactum Salutis*.) 'n goddelike "vrye" onderneming, wat in die Moederbelofte van Gen. 3:15 aan die mens geopenbaar word. Soos God Homself in die Skrif openbaar, kan Hy nie anders God wees as om God Drie-enig te wees nie. Dit is goddelik noodwendig, maar die skepping en herskepping was nie op dieselfde wyse noodwendig nie — menslik gesproke: God kon dit gelaat het as Hy wou. Hy was nie deur eensamenheid verplig om te skep nie en ook nie verplig om die gevalle skepping te red nie.

By man en vrou het ons ook 'n geskape verband as basis waarop 'n vrye liefdesverbond gesluit kan word. Die geskape, noodwendige, onveranderlike, natuurlike verband kry ons in Gen. 1:27, soos reeds behandel. Die vrye verbond kry ons in Gen. 2:23-25 in die eerste huweliksluiting, waar God Adam en Eva bymekaar bring. Die huwelik is dus geen verband nie maar 'n vrye verbond, na sy sluiting bindend.

2.3 Werkverbond en genadeverbond: Eerste en tweede Adam

Die kultuurroeping en -taak van die mens, man en vrou as koning en koningin van God se skepping, word aan die mens ook in die vorm van 'n verbond gegee, 'n verbond tussen God en mens. Dit is in die ou Gereformeerde teologie die werkverbond genoem. Die meeste moderne teoloë verwerp die naam veral omdat dit nie letterlik so in die eerste hoofstukke van Genesis staan nie. Watter naam ons ook al gebruik, die gedagte van 'n werkverbond lê in Gen. 1 en 2 (Gen. 1:28 en 2:15). Dit is 'n basiese werklikheid van die menslike lewe en grondslag van die hele wêreldgeskiedenis en die ontplooiing van God se raadsplan tot by die voleinding (vgl. my *Sending en Verbond*, p. 172-7). Sonder gebruik van die goeie ou term "werkverbond" kan ons die menslike huweliksverbond in sy verband met die kultuurtaak van die mens nie tot sy reg laat kom nie.

Adam en Eva val egter in die sonde en pleeg growwe en totale verbondsbreuk deur vir Satan te luister in plaas van vir God. Die eerste Adam val, maar deur God se onbegrensde genade en barmhartigheid gee Hy self die tweede Adam, Jesus Christus (1 Kor. 15:45). Jesus vervul die werkverbond volkome aan die kruis van Golgota. Vir die uitverkorenes van God is dit nou 'n genadeverbond, omdat hulle in Christus uitverkies is en deur die werking van die Heilige Gees en die geloof aan al sy skatte en gawes deel het. Vir Jesus is en bly dit absoluut 'n verskriklike werkverbond, waarin Hy plaasvervangend vir Adam en al die gelowiges *werk*.

Vir die huweliksverbond van man en vrou is dit noodsaaklik om hierdie onderskeiding van werk- en genadeverbond duidelik vas te hou. Genesis 1:27 gee ons die ideale, volmaakte skeppingstoestand waarop die eerste huwelik berus (Gen. 2:23 -25). Efesiërs 6:22 - 33 beskryf die regte verbondsverhouding tussen man en vrou binne die raamwerk van die genadeverbond in Jesus Christus. Die genadeverbond, wat Christus met sy werk vir ons verdien het, bewys en beklemtoon veral God se oneindige verbondstrou: al is hele volk die hele Ou Testament deur hoe ontrou. God bly altyd onveranderlik getrou. Dit is die heerlike evangelie-refrein wat dwarsdeur die Bybel in die geskiedenis weerklink, ook in ons lewe en ook in ons huwelike en liefdesverhoudinge.

2.4 Die huweliksverbond

Die seksuele liefdesgemeenskap tussen man en vrou is nie, soos by die diere blote

natuurverband, hetsy om voort te plant of om mekaar in die liefde bloot te geniet nie. Die liefde is nie maar 'n orkaan, wat onverwags en onredelik kom en in die orgasme van man en vrou uitwoed of aanhou woed nie. Dit is 'n heilige vlam van God, wat wreed en onkeerbaar is in sy krag, hetsy positief of negatief. Dit moet beheers word en in diens van God gestel word, in die mens se kultuur-taak, om sodoende in die uitstraling van die heiligheid van God se beeld sy hoogste heerlijkheid en skoonheid te bereik.

'n Duursame houer vir die vlam van God

Die liefde as vlam van God is 'n afbeelding van God die Heilige Gees, wat ook met vuur afgebeeld word. 'n Natuurlike beeld van hierdie vuur van die liefde tussen man en vrou vind ons in die natuurkrag elektrisiteit. Hoe sterker die elektriese stroom hoe beter en deegliker moet die isolasie van die kabels en drade en die skakels wees. Sonder isolasie en doeltreffende skakels is elektriese krag 'n ramp vir die mens. Met behoorlike isolasie en doeltreffende skakels is elektriese krag een van die uitgebreidste seëninge vir die mens. Dit gee krag, warmte, telefoon, televisie en wat nog alles meer.

Net so die liefde van man en vrou vir mekaar: Uit sy eie aard vereis dit, net soos alle vuur en nie net soos elektrisiteit nie, 'n deeglike houer, stoof, haard of wat ook al, wat die vuur doeltreffend vol kan laat vlam, sonder dat dit, dit wat nie moet brand nie, aan die brand steek. *Die huwelik is geen kleinburgerlike en verouderde instelling van die menslike "establishment" nie maar 'n Godgegewe instelling, wat uit die aard van die liefde self voortvloei.* God gee dit self volop in die Skrif, van Adam en Eva af, soos reeds herhaaldelik genoem. Die seksuele liefde van die mens vind sy hoogste kroon en voleindiging daarin dat 'n paartjie die begeerte, behoefte en verantwoordelikheid het om 'n lewenslange, vrye en bindende verbond met mekaar te wil sluit.

Seksuele opvoeding begin aan tafel

Die sogenaamde vrye liefde en proefhuwelike is 'n weerspraak in sigself, 'n *contradiction in termines*, en die selfmoord van die eintlike liefde, wat veral sy karakter daarin openbaar dat dit lewenslange trou noodwendig insluit. Hierdie trou aan mekaar is 'n beeld van die trou van God en is bo die blote seksuele 'n geestelike bindende faktor. Dit is 'n onvoorwaardelike trou van die bemindes aan mekaar en moet dus voor die voltrekking van die huwelik as belofte gegee word. Prof.

J. Waterink het dit mooi gestel deur te sê dat 'n kind se seksuele opvoeding aan tafel begin: sy *eie*, lekker kos staan voor hom, maar hy mag dit nie eet voordat daar gebid is en die seën van God gevra is nie. So mag 'n verliefde paartjie nie hulle eie liefdeskos eet voordat hulle 'n vrye en bindende huweliksverbond voor God en mens gesluit het nie. Die gehoorsame selfbeheer wat die kind aan tafel aankweek, is later in sy liefdeslewe noodsaaklik. Dit is die Godgeskape aard van die liefde dat dit sigself koninklik wil en kan beheers en wel in verband met die genoemde twee heilige driehoek. God die Heilige Gees, waarvan die liefde 'n afskynsel is, is onkeerbaar almagtig sterk maar nooit onbeheers nie. In hierdie selfbeheersing en wil tot selfbeheersing "om die liefde nie goedkoop te maak nie" sien ons die radikale verskil tussen die seks van die dier en die liefde van die mens. Die dier word deur die natuur seisoenaal beheers, maar binne die tyd van bronstigheid is daar geen selfbeheersing, van binne af, nie, slegs uitwendige kontrole deur drade en kampe. Die mens se liefde is eintlik altyd min of meer paraat en moet daarom uiteraard inwendig, koninklik, beheers word, in diens van God en ten dienste van mekaar en die naaste.

Anonieme seks of jaloerse liefde

Die teenstelling tussen die heidense of ontkerstende "liefde", of seks, aan die een kant en die Bybelse liefde in die huweliksverbond word duidelik en skerp gestel deur Stauffer (in Kittel T.W.B., Duits bd. 1, p. 40-45 en in Engels, Bd. 1, p.35a): 'eran' is passionate love

which desires the other for itself. In every age the Greeks sung glowing hymns to sensually joyous and daemonic 'Eros', the God who is compelled by none but compells all . . . What the Greek seeks in 'eros' is intoxication, and this is to him religion".

Sien ons dit nie vandag weer in die aanbidding van die sogenaamde vrye liefde nie? Stauffer sê verder: "Greeks 'eros' is from the very outset a universal love, generous, *unbound and non-selective*."

Ervaar ons dit nie ook weer in vandag se sogenaamde groepseks nie?

Verder sê Stauffer nog: "The love extolled in the Old Testament is the *jealous love, which chooses one among thousands, holds him with all the force of passion and will, and will allow no breach of loyalty* . . . God has set many nations in the world, but His love is for the elect people . . ."

Só word ook die selektiewe, heilig jaloesse verbondsliefde van een man en een vrou vir mekaar in die Hooglied besing. Dit is ook die enigste werklike en standhoudende basis en geestelike ruimte vir 'n ware gesin, die kinders wat uit hierdie gloedvolle, beheerste en dienende liefde gebore mag word.

2.5 Proefhuwelike is huweliksvernietigend

Die Victorianisme en alle skakeringe van asketisme, wat die mens 'n sekslose engel wou maak, veral aan die einde van vorige eeu en in die eerste deel van hierdie eeu, het baie mense en huwelike verwoes. Om in die huwelik in te gaan met só 'n agtergrond, só 'n totale verkeerde kyk op manlikheid en vroulikheid en met gevolglik só 'n totale onkunde van alles wat op die seksuele lewe van die mens betrekking het, het van die wittebroodstyd vir baie 'n dal van verskrikking gemaak en van die res van die huwelikslewe 'n lang pad van afstomping en weggroei van man en vrou van mekaar. Op een of ander manier is kinders darem verwek, en hulle het die enigste lus en liefde in die huwelik gebring.

Fel en verwoed is hierteen deur Freud en geesgenote wetenskaplik gereageer. Die teorie en praktyk word nou dat die mens van al sy Victoriaanse en engelagtige „inhibisies" ontslae moet raak — anders word hy mal of ten minste uiters en onhoudbaar neuroties. Laat loop, of, lievers, laat hardloop jou seks in dolle vaart, anders word jy ongeneeslik geestelik siek. Die wil en verantwoordelikheid van die mens word hier totaal uitgeskakel: elke seksuele begeerte moet bevredig word, anders loop alles verkeerd.

Die wil om lief te hê uitgeskakel

Dat die wil en koninklike selfbeheer 'n inherente bestanddeel van die mens se seksuele liefde is, is hier in teorie en praktyk totaal misken en ook ontken. Soos diere getem en gedresseer word, moet die mens ook seksueel geoefen word om hom tegnies in staat te stel om vir homself die hoogste geluk en genot op hierdie gebied te verwesenlik. Die moderne mens het hiermee by die ou heidense praktyke teruggekom, waar dit byvoorbeeld 'n deel van die inisiasierites was dat jong manne deur ervare vroue geleer is hoe om die liefdespel te bedryf. Die gebrek aan "tegniese" kennis by die Victoriane en geesgenote is deur 'n vloed van losbandigheid vervang.

Goeie seksuele "tegniek" moet alles regmaak

Die doel hiervan was, soos reeds gesê, om die mens gelukkig te maak — alleen en in die huwelik. Dit het gelei tot die sogenaamde proefhuwelike of saamwoon sonder om te trou. In die saamwoon moet die paartjie dan oefen om die toppunt van seksuele ekstase te bereik en om te kyk of hulle verder in die volle en volledige saamwoon en -werk van man en vrou in die huwelik sal akkordeer. Deur allerlei voorbehoedmiddels moet gesorg word dat daar tydens die proeftyd geen kinders gebore word nie.

Soos reeds gesê, is 'n proefhuwelik 'n selfweerspraak, 'n *contradictio in termines*. Dit ontken die geloofsavontuur van die verantwoordelike liefdesbelofte van lewenslange trou aan mekaar. Die diepste en hoogste werklike romantiek van die liefde is hierin geleë. Dit is die afskaduwing van die ewige, onveranderlike liefdestrou van God in sy verbond met die mens en is moontlik omdat die mens ook in sy liefde na die beeld van God geskep is. Die gelowige kan hierdie onvoorwaardelike belofte van trou aflê, in vertroue op God en in die geloof in Jesus Christus, deur die krag van die Heilige Gees. Hy kan dit doen sonder vooraf te eksperimenteer. Hy wil dit ook doen, omdat ongetroude saamwoon of proefhuwelik die kern van die huwelik uithaal en vernietig, soos dit die maagdelikheid van beide man en vrou fisiologies en geestelik vernietig. As so 'n tweedehandse huwelik, na so 'n proeftyd, tog slaag, is dit driedubbele genade en vergiffenis. Dit slaag dan ook nie omdat eers geëksperimenteer is nie, maar ten spyte daarvan.

Wettige en eerbare verlowing die regte voorbereiding

'n Verliefde paartjie moet mekaar in alle opsigte leer ken, 'n sak sout saam opeet. Blindelings mag hulle nie in die huwelik tree nie. Ons glo wel dat God vir elkeen sy maat beskik, maar hierdie beskikking geskied nie saam met 'n brief uit die hemel nie. Uit die gang van sake word dit geleidelik duidelik. Daarom het ons na 'n behoorlike tyd van kennismaking ook nog 'n behoorlike tyd van wettige verlowing. In die tyd mag daar liefkosings wees, maar steeds met volle selfbeheer en matigheid, sodat nie per abuis tot die finale daad van gemeenskap oorgegaan word nie. Dit behoort by die volledige huwelik. 'n Verlowing mag desnoods verbreek word, en daarom, onder andere mag die volheid van liefdesgemeenskap nie daarin plaasvind nie — ook omdat die geboorte van 'n kind daaruit mag volg, wat 'n onreg teenoor so 'n kind is. Die geboorte van 'n baba is nog 'n ewigheidsmoment in die liefde van man en vrou. Al skei man en vrou tien keer, die kind bly *hulle* kind tot in ewigheid. (Dit is geen wonder dat aangenome kinders dikwels die wêreld versit om te probeer uitvind wie hulle werklike ouers is.)

Die voorstanders van proefhuwelike of saamwoon voor die voltrekking van die huwelik het een baie belangrike punt raakgesien. Dit is naamlik dat 'n huwelik nie kan hou as dit halsoorkop in die hitte van 'n oomblik se liefdesgloed voltrek word nie. Die verliefde paartjie moet duidelik seker maak dat hulle seksueel by mekaar aan- en inpas; hulle kan nie mekaar Victoriaans rou vir 'n leeftyd as lewens- en liefdesmaats aanvaar nie. Verder sluit die huwelik 'n totale saamleef in, waarin seks nie alles en al is nie. Daarom is dit noodsaaklik om die tradisionele sak sout saam op te eet, egter sonder om tot die finale geslagsdaad oor te gaan. Dit vernietig die huwelik in wese voordat dit begin is. Die Engelse het 'n onvertaalbare spreekwoord wat hier van pas is: "You can't eat your cake and still have it".

Slegs deur die vrye en verantwoordelike verbondsluiting tussen man en vrou, "for better or for worse" — soos die Engelse Trouformulier sê — kan die liefde van man en vrou 'n waaragtige beeld wees van die liefde van God drie-enig en nie bloot 'n afskynsel van die paring van diere nie. Slegs deur die handhawing van hierdie verbond kan die liefde teen die aanvalle van Satan opgewasse wees, en in staat om al die heerlike take te vervul wat God daaraan gestel het, soos reeds in die voorgaande beskryf. Slegs só kan die liefde tussen man en vrou die toppunt van onselfsugtigheid en selfprysgawe bereik wat Paulus in Ef.5 beskryf, as hy sê dat die man sy vrou moet liefhê soos Christus die gemeente liefhet, en dat die vrou haar self in vrye onderdanigheid aan die man moet vind. Slegs só kan man en vrou mekaar sewentig maal sewe keer die sondes vergewe en vir die kinders, wat uit hulle liefde gebore word, 'n werklike bestendige en vrye huis gee om in gebore te word, en op te groei en van daar uit weer hulle lewensmaat te vind en so hulle roeping in God se raadsplan te volvoer.

Dit is die enigste ware basis vir die waaragtige emansipasie van man, vrou en kind, waaroor ons in die volgende hoofstuk handel.

3 Emansipasie — nie net van die vrou nie maar ook van man en kind

3.1 Onenersheid is nie gelyk aan ongelykheid nie

Emansipasie is vrymaking — vry *van* iets maar ook vry *tot* iets. Die luidrugtige en wêreldwye "Woman's Lib" wil te kenne gee dat dit net die vrou is wat vrygemaak moet word en wel *van* die onregverdige heerskappy van die man, *tot* volle gelykheid met hom. Hierdie volle gelykheid en vryheid kan volgens hulle alleen verwesenlik word as man en vrou absoluut eners gemaak word. Enersheid in alle opsigte is vir hulle die noodsaaklike voorwaarde vir gelykheid. Daarom mag daar volgens hulle nie van "meneer", "mevrou" of "juffrou" gepraat word nie, maar slegs van "persone". Om 'n mens se seks in sy benoeming aan te dui is, volgens hulle, diskriminasie en ontmensliking van die mens. Die mens is eintlik seksloos, en sy seks is net 'n bykomstige aanhangseltjie, wat in sy menswaardigheid van geen belang en waarde is nie.

Man en vrou is nie eners nie

Soos reeds uiteengesit is hierdie standpunt van die "Woman's Lib" in alle opsigte regstreeks teen Skriftuur en natuur. Die Skrif openbaar baie duidelik, en die natuur bevestig dit, dat 'n mens nie 'n mens kan wees sonder om man of vrou te wees nie. Die keuse tussen die twee berus in die beskikking van God, nie by die mens se ouers en ook nie by homself nie. Dit is 'n verskil en onenersheid wat die mens se lewe bepaal, wat nie deur die mens self bepaal kan word nie maar wat slegs uit die hand van God aanvaar moet word. Dit berus ook nie op die bepalinge en wette van 'n sogenaamde manlik oorheerste samelewing nie. Deur die sonde is en word daar dikwels onregverdig teen die vrou gediskrimineer, maar dit is 'n misbruik van die Godgegewe onenersheid en berus nie in die wese van die saak nie.

Onenersheid is dus die finale grondslag van die hele Skrif oor man en vrou. Dit is egter *geen ongelykheid nie*. By die heilige Drie-eenheid van God sien ons dit ook baie duidelik. Vader, Seun en Heilige Gees is nie eners nie, in baie opsigte verskillend, maar dit tas hoegenaamd nie die absolute gelykheid van Godwees by die drie onderskeie Persone aan nie. Hulle is in alle opsigte volkome gelyk God. (Lees weer [artikel 8 en 9](#) van die Nederlandse Geloofsbelijdenis en die [Athanasium](#).) Hierdie totale gelykheid word ook nie opgehef of hoegenaamd aangetas deur die feit dat die Vader eerste is, die Seun tweede en die Heilige Gees van beide Vader en Seun uitgaan nie. Netso stel die Skrif wel dat die man eerste is en die vrou tweede, en uit hulle liefde daarna eers die kind. Hierdeur word ook die menslike gelykheid tussen man en vrou nie aangetas of verminder nie. Die kind is egter aanvanklik ondergeskik aan vader en moeder, net soos die skepping nie aan God gelyk is nie. Uiteindelik leer die Skrif tog duidelik dat alle mense voor God gelyk is, en gevolglik die kind ook aan sy ouers. God ken geen aansien des persoons nie.

Man, vrou en kind het al drie emansipasie nodig

Deur die sondeval is die eerste heilige driehoek heeltemal geskend, en daardeur ook die tweede en het al drie, man, vrou en kind hulle inherente geskape heiligheid en gelykwaardigheid voor God verbeur. Hulle het al drie slawe geword in plaas van konings en koninginne. AL DRIE het nou emansipasie nodig en nie net die vrou nie. Dit is nie emansipasie van manneheerskappy nie maar emansipasie van die heerskappy van Satan, van die sonde in al sy verskriklikhede. Dit gee God uit loutere genade in Jesus Christus deur die Heilige Gees. Dit kondig Hy self die eerste keer in Gen. 3:15 in die Moederbelofte aan. Almal is gelyk geskape, almal het gelyk in Adam in die sonde geval, en almal word gelyk uit loutere genade in Christus, die tweede Adam, gered en bevry (Rom. 5:12-21). Hierdie gelykheid in geskape volmaaktheid en redding uit loutere genade hef egter die geskape onenersheid hoegenaamd nie op nie.

"Daar is nie *meer* Jood of Griek nie, daar is nie *meer* slaaf of vryman nie, daar is nie *meer* man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus" (Gal. 3:28). Let wel, daar staan nie "eners in Christus" nie maar "een in Christus". Die nuwe vertaling stel dit duideliker: "Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één". Die hele Nuwe Testament vertel nêrens dat 'n vrou wat tot Christus bekeer is, daardeur minder vrou geword het nie. Sy het eintlik meer eg vrou geword. Net so het die bekering tot Christus geen man sy manlikheid ontnem nie, en kinders het kinders gebly, gelyk in Christus aan hulle ouers maar nie eners met hulle ouers nie. Die bekering het nie die vyfde gebod vir Christenkinders opgehef nie.

Die kind bly kind

Die kind kry wel 'n besondere ereplek in die koninkryk van God, as Christus self hom vir ons as voorbeeld in die geloof voorhou (Matt.: 19:13-15 en elders). Dit neem egter nie weg dat die Skrif ook neerhalend van die sondige kind praat nie (Pred. 10:16; Matt. 11:16 en 17). In Afrikaans word hierdie saak en onderskeid baie duidelik vasgevat in die twee woorde *kinderlik* en *kinderagtig*.

In opregte kinderlikheid openbaar die kind homself as die gelyke van vader en moeder, selfs as hulle meerdere in die geloof miskien, maar hy bly kind, net soveel jonger as sy ouers as die dag toe hy gebore is — al is hulle negentig en hy sewentig. Die onenersheid van kind en ouer kom veral tot openbaring in die verskeidenheid in geslagte van die mensheid deur die jare en eeue heen. Hierdie verskil en verskeidenheid, onenersheid van die geslagte, hef ook geensins hulle gelykheid voor God, beide in skepping en herskepping, op nie.

Hierdie geopenbaarde waarhede van God, wat die gelowige slegs deur die genadige werking van die Heilige Gees in kinderlike geloof kan aanvaar, verstaan en begryp die ongelowige emansipasionis glad nie. Volgens hom word elke mens mondig gebore en is dit slawerny en ontmensliking om hom aan die gesag van sy ouers te onderwerp.

Gelykheid en ware vryheid deur onenersheid

Dit ken die ongelof glad nie, omdat hulle God drie-enig nie ken nie. Net so ken hulle ook nie die vryheid van ware gehoorsaamheid en die slaafsheid van ongehoorsaamheid in sy wese nie. Die ware vryheid in gehoorsaamheid kry ons alte duidelik in die verhouding van Seun tot Vader, veral by die kruisiging en in Getsemane net tevore (Matt. 26:39,42 en 44). Hoe duidelik stel Christus nie telkens dat Hy en die Vader een is nie, maar tog is Hy aan die Vader volkome gehoorsaam! Die Vader stuur die Seun, die Vader word nie gestuur nie; die Seun word gekruisig en nie die Vader nie. Dit is geweldige verskille, wat nie die eenheid van Vader en Seun ophef nie maar Hulle ook nooit eners maak nie.

As ons as Christene hierdie kernwaarhede van die Skrif los en kwytraak, dan bly ons saam met die ongelowige wêreld verward verdwaal in die doolhof van god-losse, goddelose denke en doen. As ons God se waarheid in sy volle omvang, krag en verskeidenheid gelowig aanvaar, bestudeer en gehoorsaam gebruik, dan kom ons hier onder meer by die volgende riglyne in verband met die mens en sy seksuele bestaan uit:

3.2 Elke mens is seksueel 'n individu, regstreeks aan God verantwoordelik

Slegs Adam het 'n kort tydjie vingeralleen op aarde bestaan; alle ander mense bestaan altyd in verband met hulle medemens. Dit neem egter nie weg dat elke mens individueel sy seks, manlikheid of vroulikheid, moet dra en laat groei en ontplooi nie. Deur die sonde het elke mens hierin, soos iemand dit genoem het, sy eie "private helletjie", hoewel almal daarna streef om dit eintlik 'n hemeltjie te maak. Die geloofstryd hierin is vir die kind van God soms onhoudbaar akuut. Volgens Skrif moet hy aanvaar dat daar twee soorte seksuele begeertes is, naamlik die wat verbode is kragtens die tiende gebod en soos in [Sondag 41](#) van die Heidelbergse Kategismus beskryf, en die wat heilig en wettig is, soos bv. in Hooglied

beskrywe. Wat nou in elke oomblik van sy bestaan vir die gelowige veroorloof is en wat nou juis onkuis is, is vir die konsensieuse kind van die Here dikwels 'n byna onbeantwoorde gewetensvraag. Hy mag en kan nie probeer om 'n begeertelose engel te word nie, maar hy moet steeds baie wakker loop teen die sonde.

Permissiwiteit geen oplossing nie

Die losbandige mens bekommer hom nie oor so iets soos sonde nie, behalwe miskien soms, noodgedwonge, oor die openbare gevolge van sy wellus. Freud e.a. se oplossing van die probleem van die "private helletjie" is permissiwiteit: laat loop al jou begeertes, volle vaart, anders word jy gek. Raak ontslae van al jou inhibisies, soos hulle dit noem, anders kan jy nooit waaragtig mens wees nie. Hierdie praktyk is horingoud, hoewel die teorie in sy bewoording en beredenering modern mag wees. Dit word vir ons volledig in sy totale misoes in Rom. 1 beskryf. In plaas van die mens by die hemel te bring, lewer dit hom aan die hel uit, nou, hier op aarde, en hiernamaals. Die moderne seksuele losbandigheid bewys nog eens bloot uit die natuur die waarheid van Rom. 1, veral vv. 18-32.

Genade en vergiffenis

God se oplossing is in die eerste plek die kruis van Christus en die heiligmakende krag van die Heilige Gees. Daar is volop genade en vergiffenis by God, beide vir openbare en geheime seksuele sondes. Daar is ook telkens weer opstandig uit die sonde, ná waaragtige bekering, en 'n voortgang in 'n waaragtige manlike of vroulike lewe, met die gepaardgaande wettige verlangens en begeertes — 'n ware menslike lewe — deur die inwonende krag van die Heilige Gees. Al sondig ek herhaaldelik, teen my goeie wil in. God se genade is steeds groter as alle sondes, ook die teen die sewende gebod. Lees hieroor Paulus se stryd in Rom. 7. Die Skrif leer genade en vergiffenis sonder om van sonde 'n ongeneeslike siekte te maak waarvoor die sondaar dan geensins verantwoordelik is nie. Homoseksualiteit kan, soos byvoorbeeld alkoholisme, naderhand 'n onweerstaanbare siekte word, maar dit neem nie die aanvanklike sonde en die verantwoordelikheid van die sondaar weg nie. Ook hier is genade en vergiffenis geensins gelyk aan permissiwiteit nie. Christus se woorde bly steeds staan: "Gaan maar en moet van nou *af nie* meer sonde doen nie" (Joh. 8:11). Uit eie krag is dit vir die sondaar onmoontlik; deur die Heilige Gees is alles by God moontlik. Die sondaar word egter nie op hierdie pad van geloofstryd gehelp deur bejammering en deur aan hom te vertel dat sy sonde nie sonde is nie. Deur sodanige permissiwiteit word hy verby die kruis van Christus gerangeer: sonder skuldbelydenis, regverdigmaking in Christus. kan hy nie by die Heilige Gees en heiligmaking uitkom nie. Hier geld egter in die optrede teenoor sulke sondaars die waarheid van Jes. 42:3: "Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie ..." Barmhartigheid teenoor die sondaar. nie teenoor die sonde nie. is hier die sleutelgedagte en praktiese oplossing.

'n Koning beheers en regeer homself

Freud en sy geesgenote gaan uit van die dogma dat 'n mens se seksuele begeertes vry moet loop, anders lei dit tot siel en liggaam se verkramping in sogenaamde inhibisies. Die Bybel leer ons dat die mens se koninklikheid ook in sy seksuele lewe geld. Met 'n koning word dan nie iemand bedoel wat eiesinnig en wellustig kan hiet en gebied en maak wat hy wil nie. Die Bybel leer ons, met Jesus Christus, die Koning van die konings, as model, dat die eerste en grondleggende taak van 'n koning is om homself te regeer en te beheers. Dit doen Jesus dwarsdeur, selfs in Getsemane, waar Hy tot drie maal bid dat die menslik ondraaglike beker moet verbygaan. Tog is Hy gehoorsaam aan sy Vader. Met ander woorde, 'n Christelike koning doen die wil van God, nie sy eie nie.

Die natuur bevestig dit ook dat die mens, *gans anders AS DIE DIER, SY SEKS KONINKLIK KAN BEHEERS*. Dit gebied God ook. Hy moet sy manlikheid of sy haar vroulikheid koninklik beheers en bou, sodat dit dienend gehoorsaam tot eer van God, die eie self en die naaste

gebruik kan word. Hier geld, soos reeds gesê, die eerste heilige driehoek. Alles word in die sewende gebod saamgetrek: die huwelik moet gebou en nie afgebreek word nie, selfs nie voor die huwelik self nie. Die liefdesappels moet gebêre word vir die toekomstige of nie-teenwoordige geliefde, ook vir die ernstige siek geliefde (Hooglied 7:13). 'n Groot deel van 'n mens se seksuele lewe, nl. begeertes en drange, asook die kwessie van masturbasie, kan deur geen ander mens gekontroleer word nie. Dit bly steeds die individu se verantwoordelikheid teenoor God met die bou van die liefde vir die huwelik, of dit al bestaan of nie as grondliggende en finale norm. Die heilige vlam van God moet versorg word en mag nie engelagtig geblus word nie. Die liefde moet ook nie ontydig wakker gemaak word nie (Hooglied 8:4). Dit bereik slegs sy toppunt as dit koninklik beheers word.

Gedurige seksuele bevrediging is nie noodsaaklik nie

'n Voortvloei van bg. dogma van Freud en Kie. is 'n tweede wat eintlik op dieselfde neerkom, nl. dat seksuele geheelonthouding vir die mens onmoontlik is. Die Bybel leer ons, soos in die Huweliksformulier aangehaal, dat daar mense is wat die gawe van onthouding van God ontvang het, soos Paulus en moontlik ook 'n man soos Elia. Die volledigheid van die beeld van God in die mens se manlikheid en vroulikheid, die tweede heilige driehoek, beteken nie dat elkeen ongeveer elke nag volle geslagsgemeenskap met iemand anders moet hê, anders is hy of sy nie waaragtig en volledig mens nie. Ons bely op grond van die Skrif dat Christus waaragtig en volkome Mens was, dus ook Man. Hy het egter geen vrou gehad en kon uit die aard van sy werk nie trou nie. Op grond van bogenoemde Freudiaanse dogmas glo die wêreld dit eenvoudig nie en beweer hulle dat Jesus 'n hele aantal vroulike geliefdes moes gehad het. Jesus was ook geen engel nie (Hebr. 1 en 2) maar tog seksueel ook volkome sondeloos.

Waar elke mens individueel vir sy seksuele lewe aan God verantwoordelik is, kan hy nie net op genade en vergiffenis vertrou nie maar ook daarop dat God krag gee na kruis, soos bv. aan die weduwee en wewenaar en ook aan die lewenslank ongetroude wat nie die gawe van onthouding het nie.

Geen twee mense is seksueel eners nie

Hiermee verwerp ons nog 'n dogma van die Freudianisme en die aanhangers daarvan, nl. dat alle mense kwalitatief en kwantitatief seksueel eners en gelyk moet wees of behoort te wees. Hierdie dogma word nie so duidelik in woorde uitgespreek nie maar is die grondslag van heelwat moderne manewales en praktyke. Skoonheidskompetisies van dames berus op die gedagte dat almal op dieselfde manier aantreklik en mooi is en dat die mooiheid dus in 'n kompetisie vergelyk en gemeet kan word. Die oneindige publisiteit wat in die filmwese aan die vrystories van sekshelde en vroulike sekssimbole gegee word, berus ook op die veronderstelling dat hulle eintlik die top-menslike modelle is waarna almal moet strew.

Nee, juis hierin kom elke mens en elke liefdespaar se oorspronklike individualiteit ten rykste uit. Niemand anders moet nageaap word nie; jy, en julle, moet net maar julle eie selwers wees. Hier kom die verstand te pas waarmee die man saam met die vrou in die huwelik moet leef, soos in die Huweliksformulier genoem. Elkeen moet homself seksueel verstaan, kwalitatief en kwantitatief, en moet in liefde hom daarop toelê om die liefdesmaat ook in die verband te verstaan. Nog 'n valse dogma van die bogenoemde geestesrigtinge is dat 'n mens jou maat se liefde vir jou net kan meet met die aantal orgasmes wat hy of sy bereid en in staat is om aan jou te bied. 'n Siek liefdesmaat, wat vanweë die siekte glad nie tot seksuele gemeenskap in staat is nie, se liefde mag juis onder hierdie omstandighede ten sterkste gloei — of byvoorbeeld die liefde van 'n man vir sy vrou as hy vir haar sterf, soos Christus vir die gemeente (Ef. 5:25).

Die verskil van man en vrou, en ook van individu tot individu by albei geslagte, kom ook fisiologies baie duidelik daarin uit dat die vroulike liggaam normaalweg een eiertjie per 28 dae lewer, terwyl die man miljoene saadselle onritmies lewer. Op natuurlike wyse raak die

vrou maandeliks daarvan ontslae as sy nie bevrug word nie, terwyl die man in drome van 'n oormaat saad ontslae raak. Die vrou se afskeiding van eierselle hou op middeljarige leeftyd op, die man s'n nie. Hierdie verskille op fisiologiese gebied speel ook 'n rol wat nie vergeet mag word nie, in die liefdeslewe van elke mens individueel en by geliefdes gesamentlik.

Seksuele energie word nie alles in seksuele verkeer gebruik nie

Beide Skrif en natuur leer ons dat dit nie noodsaaklik is dat die mens al sy seksuele energie in geslagsverkeer hoef te gebruik nie. Dit is nog 'n dogma van Freud en geesgenote, nl. dat die seksuele drif net op seksuele verkeer en orgasme gerig is. 'n Mens se manlikheid en vroulikheid is 'n totale energiebron wat die hele menslike lewe dra en beïnvloed. Dit gee dryfkrag op baie terreine van die lewe. 'n Mens wat fisiologies-seksueel ooreis is of wat in spanning oorlaai is, kan op die meeste terreine van die lewe nie sy beste lewer nie. Hierin moet elke individu homself ook ken en verstaan, en so ook geliefdes wat saamlewe, mekaar. Ooreising op eng seksuele gebied kan byvoorbeeld 'n politikus totaal ontkrag. Ons kan hier eintlik sê "verkrag", soos beweer word dat Mussolini aan die einde van sy loopbaan só deur 'n jong vrou van sy kragdadigheid beroof is.

Die teenoorgestelde geld ook: beide man en vrou kan hulle oorvermoei in hulle daaglikse liefdeswerk vir mekaar en daardeur seksueel so uitgeput raak dat hulle totaal afstomp, ook vir mekaar, en uiteindelik selfs tydelik impotent word. Ondervermoeidheid of leeglêery lei weer tot seksuele ooraktiwiteit en wellustige onbeheertheid.

Die onenersheid van God se skepsele en die direkte verantwoordelikheid van elkeen voor God, hetsy as individu of as liefdespaar, is hier ook weer die sleutelgedagte. Resepte en voorskrifte wat voor die voet vir almal geld, is hier uit die bouse en lei tot baie ellende en sonde, veral huigelary en skynheiligheid.

3.3 Alle tussen-menslike verhoudinge is seksueel maar nie op 'n orgasme gerig nie

Nog 'n dogma van die gees wat na Freud se opgang gegroei het, is die dat alle hartlike verhoudings tussen mense op seksuele verkeer en die orgasme *moet* uitloop. Die moderne Westerse mense en die ou heidene, ook die modernes, beskou en beoefen seks op hierdie absoluut enge wyse. Die enigste beheer wat hulle dan ken, is uitwendig, deur omstandighede. As die belemmeringe van omstandighede wegval, dan moet daar noodwendig seksuele gemeenskap plaasvind, hetsy tussen man en vrou of homoseksueel. Daarom kan hierdie mense ook glad nie glo dat Jesus nie meisies gehad het nie of dat Paulus nie 'n homoseksueel was nie.

Broer en suster het eers getrou, nou is dit bloedsbande

By alle volke, Christene en heidene, vind ons vandag 'n sterk afkeer van bloedsbande. In die meeste lande is daar ook baie streng wetgewing daarteen, in al sy vorme. Tog moes seksuele verkeer tussen broer en suster, en ook die huwelik, aanvanklik, geoorloof gewees het, veral met die oog op voortplanting. Die Skrif sê dit nie eksplisiet nie, maar ons kan nie anders as om dit van die feit van die skepping van net een mensepaar aan die begin af te lei nie. In een of ander stadium van die geskiedenis is dit stopgesit en verbied. Duidelik word dit en allerlei vorme van bloedsbande in die wette van Moses verbied. Vandag aanvaar alle normale mense, ook heidene dit as vanselfsprekend. Prakties het geen normale mens daarvan las nie. My suster is my suster en kan nooit my vrou of geliefde word soos 'n ander vreemde vrou wel kan word nie. So aanvaar elkeen ook die verhouding van liefde tussen vader en dogter en moeder en seun en ander familieverhoudinge. Daar is liefde maar geen gedagte aan seksuele gemeenskap en orgasme nie.

Medemenslikheid is nooit los van manlikheid en vroulikheid nie

Hierdie feite is nog 'n bewys uit Skrifuur en natuur dat die mens willens sy seksuele

begeertes nie net kan beheers nie maar finaal ten opsigte van sekere mense van die ander geslag kan afsluit. Dit maak nog nie van daardie bepaalde mense engele nie; hulle bly volledige mense, manne en vroue, met alles wat dit insluit. Die liefde van 'n moeder as vrou vir haar kinders is anders as die van die vader vir sy kinders. Die liefdes is oneners, maar dit maak hulle vanself nog nie ongelyk of die een minderwaardig in vergelyking met die ander nie. My liefde vir my suster is anders as my liefde vir my broer; my liefde vir my moeder anders as my liefde vir my vader. Liefde tussen manne onderling of vroue onder mekaar, soos bv. by Dawid en Jonathan in die Bybel, hoef nie noodwendig op homoseksualisme uit te loop nie. 'n Verhouding van hartlike samewerking en wedersydse respek vir mekaar in 'n kantoor tussen 'n sakebestuurder en sy senior tikster en sake-vertroueling hoef netso min op 'n onwettige vryery uit te loop — waar elkeen sy eie geliefde eggenoot (eggenote) tuis het. Die vriendskapsverhouding tussen so 'n man en vrou is mede-bepaal deur hulle manlikheid en vroulikheid en dus anders as die tussen twee manlike vennote of twee vroulike klerke. Dit is ook die geval van die liefde van broers onder mekaar en die van susters onder mekaar. In al die gevalle word die betrokke mense teenoor mekaar geen engele nie — hulle bly manlik en vroulik — maar hulle verhouding loop nie noodwendig op seksuele verkeer en orgasme uit nie.

Die hele saak hang saam met die feit dat die mens se seksualiteit nie net op orgasme met 'n liefdesmaat gerig is nie, maar sy hele lewe en al sy aktiwiteite dek. Soos reeds gesê bewys dit dat die mens nie net sy begeertes in 'n liefdesverhouding met 'n geliefde kan beheer nie maar dat hy in ander gevalle in staat is om in sekere sin sy engere seksuele begeertes totaal af en uit te skakel — soos 'n medikus ook behoort te doen met sy vrouepasiënte en 'n predikant met die susters onder sy pastorale sorg.

Vriendskapsliefde is ook 'n gawe van God

Liefdesverhoudinge, sonder seksuele verkeer gerig op die orgasme, vind ons dus volop binne die familieverband. Die moontlikheid daarvan word deur alle volke, Christene en heidene, erken, en in die meeste gevalle word teenoor moontlike oortreders die strengste maatreëls getref en allerlei wette gehandhaaf. Die basis van hierdie maatreëls en wette is egter altyd bogenoemde aanvaarding van die moontlikheid dat die mens in hierdie gevalle in staat is om sy engere seksuele begeertes totaal af te skakel. Hierby kom die genoemde vriendskapsverhoudinge soos hierbo genoem, wat nie orgasties bepaal is nie maar tog nie die seksuele verskille van mense buite rekening laat nie. Ons kan dit vriendskapliefde noem, wat ook "n gawe van God is en wat ook selfs op 'n vrye verbond tussen twee mense kan uitloop, soos bv. Dawid en Jonathan in die Bybel. Hierin is daar dan in die verhouding iets wat met die vrye verbond in die huwelik ooreenkom, maar tegelykertyd die radikale verskil dat hier geen sprake van enige vorm van seksuele gemeenskap is nie. Dit is iets wat die mense wat aan die Freudianisme en soortgelyke geestesrigtinge glo, hoegenaamd nie moontlik ag nie. Daar is fisiologies niks wat sodanige seksuele verkeer belet nie, maar wel die koninklike selfbeheersing, wat deur God in die mens in sy manlikheid en vroulikheid ingeskape is. Deur die sonde bly die gevare van seksuele losbandigheid in al hierdie gevalle nog steeds baie groot en moet baie streng daarteen gewaak word. Nie die sondige mag egter as norm geneem word nie maar slegs die skeppingsvolmaakte. Van kleins af moet die kind dit dan ook geleer word. Dit is noodsaaklike opvoeding tot verantwoordelikheid, selfbeheersing en ook die totale af- en uitskakeling van engere seksuele begeertes, egter nie ook sonder die waarheid van genade en vergiffenis, bekering en nuwe heiligmaking, in Christus en deur die Heilige Gees nie.

3.4 Ware en volledige emansipasie — van man, vrou en kind

Die stryd vir die emansipasie van die vrou ("Woman's Lib" en geesverwante rigtinge) bevestig uit die natuur maar net die waarheid wat God ons in die Skrif openbaar: ". . . met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers" (Gen. 3:16). Die heerskappy van die man is die gevolg van die sonde; dit is 'n ontarding

ten gevolge van die sonde en ter wille van die sonde, van die feit dat die man eerste is in die menslike drie-eenheid van man, vrou en liefde, die tweede heilige driehoek, soos in hoofstuk 1 behandel. Deur Christus is daar genade en vergiffenis en ook regstelling van die posisie van die vrou, soos ons dit reeds by Christus self vind. Sonder enige "Woman's Lib" het die vrou deur die eeue onder invloed van die Christendom geweldige vooruitgang gemaak. Op grond van reeds genoemde waarhede van die Skrif moet op hierdie weg van vrymaking van die vrou voortgegaan word.

Soos reeds gestel, is vrymaking nie net vir die vrou nodig nie maar ook net soveel vir die man en kind. Nie net die vrou is deur die sonde en sondige toestande verneder nie maar ook die man en kind. Almal het die heerlijkheid waarin die mens geskep is kwyt geraak en moet in die regte verhouding tot God en mekaar gestel word. Poligamie krenk net sowel die man as die vrou, want dit maak uiteindelik van hom ook maar net 'n aanteeldier soos die vrou. As 'n kind nie in die regte sin op sy plek gehou word nie, dan krenk dit homself en almal wat met hom te doen het. Elkeen het sy paslike plek op aarde deur God aan hom gegee. Daarbuite verwoes en vernietig hy homself en sy medemens. "Onder drie bewe die aarde, en onder vier kan hy dit nie uithou nie: onder 'n slaaf as hy koning word, en 'n dwaas as hy volop brood het; onder 'n nie-geliefde as sy tog 'n man kry, en 'n slavin as sy haar meesteres uit die besitting verdrywe" (Spr. 30:21-23).

Emansipasie van valse dogmas

Die ware emansipasie is emansipasie van sonde en die gevolge daarvan. Dit behels in die eerste plek vrymaking van alle valse dogmas of bygelowe, soos in die voorgaande aangestip en bespreek. As die mens werklik glo dat hy iets kan bereik of dat hy teenoor iets anders magteloos is, dan het dit 'n geweldige invloed op sy begeertes en handele.

Mense wat glo dat hulle hulle manlikheid en vroulikheid tot niet kan maak en engele kan wees, sal dit probeer en daarmee hulleself vernietig, tensy hulle miskien van die enkele mense is wat heeltemal die gawe van onthouding het. In sover hulle in elk geval nie slaag nie, sal hulle gedurig onder 'n valse en vernietigende skuldgevoel leef. 'n Jong vryerspaartjie wat glo dat die ware liefde onmiddellik op seksuele verkeer en orgasme moet uitloop, sal onmoontlik hulleself kan beheers tot by hulle huwelik. Twee manlike vriende wat glo dat alle verhoudings op seksuele verkeer moet uitloop, sal noodwendig by homoseksualisme uitkom.

Dit geld al die behandelde verhoudinge tussen mense as manne en vroue teenoor mekaar. Die regte denke en begrip, die leef in die Waarheid van God is hier die enigste ware emansipasie. Ons moet sorg dat ons God ken en alles wat Hy ons in Skriftuur en natuur openbaar. Ons mag nie deur leuens en bygelowe aan die neus gelei word nie, al word hulle in die naam van die wetenskap opgedis.

Eers as ons op hierdie gebied die volle en onvervalste waarheid van God ken en in ons denke ten volle daarin leef, gelei deur die Heilige Gees, sal ons in staat wees om ons drifte te ken en te tem en seksueel tot eer van God te lewe.

Christus bevry ons waarlik

Die teoretiese en praktiese aanvaarding van die waarheid van God of die waarhede deur God in verband met die seksuele lewe van die mens geopenbaar, begin by die aanvaarding uit die hand van God van myself, hetsy as man of as vrou. Dit berus op die vyfde gebod: ek kan nie my eie ouers kies nie, en hulle kan nie kies of ek 'n seuntjie of dogtertjie sal wees nie. In hierdie opsig moet ek heel eerste volle vrede met my God bereik deur te aanvaar dat ek nie self God is nie maar skepsel. Dit sluit dan vanself in dat God deur sy beskikking mettertyd op sy wyse vir my my huweliksmaat sal gee. Met hierdie maat moet ek dan 'n huweliksverbond voor God sluit. Indien ek geen maat raakloop nie, moet ek daarin berus en God in die omstandighede om die nodige krag en genade bid, net soos wewenaar en

weduwee. Verder moet ek al die medemenslike manlike en vroulike verhoudinge in hulle oneindige verskeidenheid en onenersheid raaksien, erken en elk op sy Godgegewe plek en tyd in diens van God ter uitbreiding van sy koninkryk aanvaar.

Die aanvaarding van die waarheid van God behels eintlik ten diepste die aanvaarding van Jesus Christus, die Weg en die Waarheid en die Lewe. Die Doopformulier sê immers: "En as ons somtyds uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in die sondes bly lê nie, aangesien die Doop 'n seël en ontwyfelbare getuienis is dat ons 'n ewige verbond met God het".

4. Bevolkingsontploffing en kultuurroeping

4.1 Die pil as emansipasiemiddel

Soos reeds betoog, is die kind nie onontbeerlik in die liefdeslewe self van man en vrou nie. Die liefde op sigself het sy reg in die huwelik, soos geopenbaar in die tweede heilige driehoek wat ons in Gen. 1:27 vind. Die kind is gewoonlik egter die vrug van die liefde. In die eerste deel van die beeld van God, nl. die heerskappy van man en vrou as koning en koningin oor God se ganse skepping, is die kind egter noodsaaklik. Dit lê God self vas in die kultuurroeping soos ons dit in Gen. 1:28 vind. Die mens kan sy kultuurtaak nie vervul as hy nie die aarde met sy nageslag vol maak nie. God was nie verplig om te skep nie maar het dit, menslik gesproke, vrywillig gedoen. Net soos die heilige drie-eenheid as heilige Gesin volkome in Hulleself is, so kan man en vrou in hulle liefde ook sonder 'n kind menslik volkome wees. Omdat God geskep het en die mens oor sy skepping aangestel het om dit uit te bou en te beheers, word die kind noodsaaklik. Op sigself speel die kind ook 'n uiters belangrike rol in die liefdeslewe van man en vrou; onder andere sien ons veral in die kinders die ewigheidsmoment van liefde tussen man en vrou.

Die kind "oorwin" die dood

Deur die sonde is die dood onder die mense. Almal weet dat hulle een of ander tyd moet sterf, en almal aanvaar dit op een of ander manier. God is ewig, en die mens as beeld van God het ook die ewigheid in sy hart, deur God onverwoesbaar daar ingelê (Pred. 3:11). Selfs sonder sonde en dood sou elke mens se taak op aarde nie oneindig wees nie. Dit sou waarskynlik in sy roeping op een of ander manier deur God self afgebaken gewees het. Deur die sonde en dood is daar 'n alte drastiese beëindiging en afsluiting van die individuele mens se lewe en werk. Daarom verlang die normale mens dat sy kind sy werk moet voortsit. Dit sien ons selfs in die naamgewing van die kinders: 'n bepaalde naam moet die dood van sy draers trotseer en deur die eeue voortgaan as 'n soort naam-onsterflikheid — in plaas van die ware ewige lewe wat die Skrif ons openbaar. Ons sien dit ook in die erfenis wat van vader na kind oorgaan en wat dikwels nie net besittings behels nie maar 'n bepaalde taak en roeping insluit. Ons merk dit op in ons volkslied, ". . . dat die erwe van ons vaders . . ."; ook kom dit dikwels voor in vorstehuse en groot sakeondernemings wat van geslag tot geslag in een familie voortgaan.

Kinders word te veel

Omdat die mens ook die beeld van God in sy menslike voorsienigheid is, bereken en bedink hy die toekoms. So het Malthus in die vorige eeu en baie hedendaagse bevolkingsontploffingsprofete tot die slotsom gekom dat ons moet ophou kinders kry, want daar sal baie gou en binnekort nie meer kos en plek op aarde vir al die miljarde mense wees nie. Hulle gaan uit van die dogma of bygeloof wat mens net so by die Afrika-godsdienste kry, nl. dat die hoeveelheid krag of energie op aarde absoluut beperk is. Dus: hoe meer mense daar is, hoe minder vir elkeen. Dit is ook die onuitgesproke geloof van die kommunisme: ek kan alleen ryk word deur ander mense te beroof.

Die "pil" en ander apparate en metodes het in aansluiting hierby nou die moderne mens "bevry". Hy kan die seksuele nou onbeperk geniet sonder om die aarde oorvol kinders te maak.

Die pil bring 'n nuwe slawerny

Hierdie sogenaamde bevryding van kinders as gevolg van seksuele verkeer bring daarenteen 'n nuwe slawerny. Spreuke sê: "Die bloedsuier het twee dogters: Gee, gee! Drie is dit wat nie versadig word nie, vier sê nooit : Genoeg nie! — die doderyk en die toegesluite

moederskoot, die aarde wat nie genoeg water kry en die vuur wat nooit sê: "Genoeg nie!" (Spr. 30:15 en 16). Die mens sluit nou die moederskoot van sy bemindes toe, en daarmee word die ingeskape ewigheid in sy hart en in sy seksuele liefde versmoor. Dit word net 'n saak van 'n enkele oomblik se ekstase. Ten diepste wil die normale vrou tog graag moeder word, en daarom bly sy onversadigbaar in haar seksuele behoefte as daar geen kinders kom nie. Sy suig en mergel die man letterlik uit, met die gevolg dat hy pap en lamlendig die lewe deur sleep en geen roeping en toekoms meer sien en aanpak nie. Hy verloor ook sy geskape voorrang in die liefdeslewe; hy word gejag deur die kinderlose vrou in plaas daarvan dat hy die inisiatief behou en jagter bly. In plaas daarvan dat die vrou slaaf van die man sou wees, word die man nou slaaf van die vrou.

Manlike lamlendigheid en vroulike terrorisme

'n Vrou het êrens beskryf hoedat die volgehoue gebruik van die pil die hele vroulike lewensritme vermoor. Die geweldige ewigheidsavontuur dat die vrou elke maand met spanning wag om te sien of daar 'n nuwe mensie aan die kom is, verdwyn in 'n seksuele eentonigheid, wat naderhand alleen in owerspel afwisseling en nuwe avontuur kan vind. Geen wonder dat welopgevoede en welgevoede jong vroue die wreedste en doeltreffendste terroriste op aarde word nie. As die vrou nie haar wettige avontuur kan kry nie, naamlik om op lewensgevaar af kinders te baar, gee sy haar uit verving oor aan die onwettige avontuur van moord en doodslag.

Die man wat geen kind uit sy liefde verwag nie, verwag alte dikwels geen toekoms nie. Hy lewe van oomblik tot oomblik, sonder hoop en sonder verantwoordelikheid. Is dit nie die diepste oorsaak van die algemene Westerse lamlendigheid van gebrek aan toekomsvisie in politiek en ekonomie nie? Die Westerse mens wil nie meer bou nie, want hy het geen kinders om voor te bou nie. Hy wil net geniet, hetsy as "playboy" of as vroulike sekssimbool. Laasgenoemde is dan in die Weste die twee ideale mense, wat deur almal nagevolg moet word. Soos die Victorianisme van almal sekslose engele wou maak, maak die tydgees van vandag se mense almal deelnemers aan die wedstryd om te kyk wie die grootste orgasme-kampioene kan word.

4.2 Kultuuropdrag en wêreldeinde

Teenoor voorgaande lamlendigheid en terrorisme moet beklemtoon word dat die goddelike opdrag om vrugbaar te wees en oor die aarde te heers nog steeds geldig is. God het dit in Gen. 1:28, voor die sondeval, gegee, maar dit is nie tot niet deur die sondeval en deur die gevolglike feit dat die vrou met vermeerderde smart kinders sal baar en die man in die sweet van sy aanskyning sal oes nie. Selfs die groot goddeloosheid wat op die sondvloed uitloop, hef hierdie gebod nie op nie. God herhaal dit duidelik en beslis in Gen. 9:1 en verder in die Noagitiese verbond.

God beheers die wêreldgeskiedenis: God sorg

God het op sy tyd geskep en Hy, Hy alleen, sal die tydstip van die einde bepaal. Malcomess het Malthus jare gelede in 'n advertensie van landbougereedskap en bemestingstowwe baie raak geantwoord:

"Dr. Malthus, jy sê daar sal te min kos wees vir al die mense, maar het jy landbouontwikkeling ten gevolge van doeltreffende landbougereedskap en goeie kunsmis in gedagte gehou?"

As die mens, man en vrou, hulle albei liggaamlik en geestelik verlam en uitput deur 'n absoluut kinderlose, onversadigbare seksuele omgang met mekaar, dan sal niemand wil werk en beplan nie, allermins opoffer, en heel gou sal die kos oprak, onder andere vanweë gebrek aan ontginning van die aarde en sy gawes. As die mens se seksualiteit en sekskrag, soos in hoofstuk 3 betoog, reg gebruik en aangewend word, sal hy genoeg verstand,

ondernemingsgees en krag hê om te sorg vir kos vir sy kinders, totdat die tyd kom dat God sê: "Dit is verby". Dit is 'n saak van geloof en dit berus op 'n geloofsverwerping van genoemde dogma of bygeloof dat die wêreld net 'n beperkte hoeveelheid krag en energie het.

God handhaaf die bevel tot vrugbaarheid, en Hy sorg deur die gawes van sy skepping. Die mens moet dit net vind en ontgin. Vandag is daar sprake dat die oliebronne van die wêreld betreklik gou sal opraak. Dit mag so wees, maar die Godgegewe menslike vernuf sal weer nuwe bronne ontdek. Die gawes van God se skepping is onbeperk, in elk geval genoeg om te hou tot by die voleinding. As enkele voorbeeld kan ons net die ontwikkeling van sekere droë gedeeltes van Suidwes-Afrika en die Noordweste van die Kaapprovinsie deur die karakoelskaap noem. Waar die mense met ander skape vergaan het vanweë die aanhoudende droogtes, waarvan al die ander vee gebrek het, floreer die karakoelskape en word die boere ryk.

Baie ander sulke voorbeelde oor die hele wêreld kan hier opgenoem word.

Volgens menslike berekeninge en voorspellinge het die wêreld seker meer as honderd keer al vergaan. Op hierdie voëlgeskrei of oudwyfse fabels mag die Christen nie ag gee nie, selfs al word dit in die naam van die wetenskap opgedis. Hy moet elke dag sy plig doen en sy roeping volvoer, *deo volente*, "as die Here wil ..." (Jak. 4:15), siende die onsienlike in die geloof.

4.3 Kinders kan 'n ramp wees

Soos alle goeie en heilige gawes van God kan die kind ook 'n straf en ramp vir die mens wees. By baie volke waar daar nog geen algemene kennis van bevolkingsontploffingsteorieë en geboortebeperkingsmiddels, soos bv. die pil, is nie, kry ons iets van die aard waarvan ons in Openb. 20:8 lees: ". . . hy (Satan) sal uitgaan om die nasies te verlei . . . en hulle getalle is soos *die sand van die see*".

Kinders in die oneindige

Kinders in die oneindige is vandag die grootste probleem van sommige lande en volke. Hierdie ellende begin al by Kain en sy nageslag. Vir Adam is daar nog kos, ten spyte van die sonde en al moet hy sweet en swoeg; vir Kain is daar geen vrug op sy arbeid nie, omdat die aarde deur God om sy ontwil vervloek is (Gen. 3:13 teenoor 4:12). In Kain se geslag kom ook die eerste veelwywery voor, iets wat die kindertal vermenigvuldig (Gen. 4:19). In hierdie lyn van Kain kry ons deur die eeue heen volke wat volop kinders het maar wat die aarde nie vrugbaar kan en wil ontgin nie. Die gevolg is dat hulle óf in groter of kleiner wêreldryke ander se kos moet roof óf parasities op een of ander manier moet teer, soos ons dit vandag by skakeringe van sosialisme vind. Eienaardig dat dikwels, nie net by volke in die geheel nie maar selfs by individuele families, sommige mense ryk is aan kinders en arm aan beplanning, verantwoordelikheid en werkkrag.

Verantwoordelike ouerskap

Die bevel van God aan Adam en Eva om vrugbaar te wees en die aarde te vul, beteken nooit onverantwoordelike vermenigvuldiging van kinders tot in die oneindige nie. Ouerskap moet verantwoordelik wees.

Dit beteken in die eerste plek dat geen kinders voor die huwelik en buite die huwelik verwek mag word nie. Toynbee wys daarop dat die hele sogenaamde Westerse beskawing op die gedagte en praktyk berus het dat 'n jong man nie mag getrou het voordat hy finansiëel in staat was om sy vrou en moontlike kinders te onderhou nie. Hy spreek ook die vrees uit dat die verval van hierdie sosiale instelling die ondergang van die Weste sal beteken. Dit sien ons met hulle sosiale stelsel van die uitgebreide familie is dit die taak van die ouers om hulle

kinders se buite-egtelike en vooregtelike kinders op te pas en groot te maak. Dit bring op die lang duur gedurige armoede vir almal. Hoeveel kos buite-egtelike kinders nie die Westerse volke nie?

In die tweede plek is veelwywery vandag ongeoorloof, uit die aard van die wese van die huwelik, asook omdat die wêreld al taamlik vol is. Veelwywery word op twee maniere toegepas, nl. die van Afrika en die Moslemlande van meer as een vrou tegelyk, en die van die sogenaamde Weste, waar mense na mekaar met verskillende mense trou en die aarde vervul met gekrenkte en verwaarloosde kinders, wat nie 'n vader en moeder het nie en daardeur nie die regte begin in hulle lewe het nie.

In die derde plek kan die plig van die vader om te sorg nie genoeg beklemtoon word nie. Moederskap is 'n menslike verband wat in die meeste gevalle byna outomaties, instinktief, werk, met die gevolg dat betreklik min moeders hulle kinders verwaarloos of in die steek laat. Die verband tussen vader en kind is meer geestelik en gee die man fisiek die kans om alte maklik sy vaderpligte te ontwyk en selfs sy kind heeltemal te misken. Die Vaderskap van God moet in die menslike vaderskap afgebeeld word. Soos God in goddelike voorsienigheid vir almal en alles sorg, moet die menslike vader in die eerste plek vir sy eie vrou en kinders sorg; maar die wat meer talent het, moet ook vir ander sorg. Op politieke gebied, op ekonomiese gebied moet diegene wat die talent en geleentheid het, bou en planmatig optree sodat die kinders, ook van hulle naaste, selfversorgend kan wees. Die mens is as beeld van God skeppend, hy maak vir homself plek en verkry vir homself kos en klere, mits hy die regte ideale, roeping en opvoeding tuis by beide vader en moeder ontvang. Lees, wat die vrou betref, hier Spr. 31.

God regeer ook oor die moederskoot

Saam moet man en vrou in die huwelik, soos gesê, nie geboortes beperk nie maar wel beheer. Hierby mag ekonomiese motiewe alleen nie die deurslag gee nie, veral nie in die sin dat daar geen kind mag kom as die kas nie klaar vol geld is nie. Die liefde op sigself moet hier deurslag gee, liefde wat alles in aanmerking neem, veral die gesondheid of siekte van die vrou. *Deo volente* (as die Here wil), die eerste heilige driehoek, geld hier as diepste grondslag. Finaliter bepaal God die begin en die einde van elke mens se lewe, en daarom leer die natuur ons dat daar eintlik geen absoluut doeltreffende geboorte-voorkoming is nie. Verder leer die natuur en die gang van die geskiedenis ook dat God vrugbaarheid gee en neem, ook in volke as geheel. 'n Volk wat op 'n sekere tydstip in sy geskiedenis maklik tien tot vyftien of meer kinders per gesin lewer, droog as't ware op, sodat 'n gemiddeld van vier kinders onbereikbaar word, selfs al sou geen geboortebeheer toegepas word nie.

God weet veel beter as die mens waar en wanneer kinders nodig is. Dit sien ons al dikwels in die Ou Testament hoedat Hy die moederskoot sluit en open. Ons moderne Christene moet baie sterker besef dat ons nie kinders kan *maak*, of stop, nie maar slegs as vrugte van ons liefde kan *ontvang*. God gee elke individuele mens sy plek, roeping en taak op aarde en laat hom of haar daarvoor gebore word. Die verbond deur die geslagte heen mag ons gelowiges nie vergeet nie.

Die pil los niks op nie; eerlike liefdesarbeid wel

Die algemene resep wat vandag dwarsoor die wêreld gepropageer word, is om die mense te leer om geboortes te beperk, o.a. deur die pil. Die pil en ander middels moet die mens van die ramp van te veel kinders bevry. Al wat dit gee, is losbandige seksuele verkeer wat die mense verlam en werksku en ondernemingsloos maak. Die groot probleem is nie die kinders wat te veel is nie, maar wel die mense wat te min werk en geen verantwoordelike besef het nie. Die Skrif leer ons dat "as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie" (2 Tess. 3:10). Hierby kan ons voeg dat hy dan ook nie uit verveling en vir tydskorting hawelose kinders moet verwek nie. Daar is niks op aarde wat 'n mens laat beplan en werk soos die liefde van vader en moeder vir hulle kinders nie. Hierdie

verantwoordelike ouerliefde lewer liefdesarbeid tot in die oneindige en is ál oplossing vir genoemde probleme. Dit is die Christene se taak om deur self 'n voorbeeld te stel en deur die waarheid van God te verkondig ook vir die ongelowige wêreld die regte pad aan te dui.

In hierdie liefdesarbeid vir hulle liefdeskinders bly die lewe vir 'n Christenpaar 'n wettige en heerlike Godgegewe avontuur waarin albei se volledige menslike vermoëns ten volle aangewend word, opbouend en nie afbrekend nie. Hierin verwoes en mergel hulle mekaar nie uit nie, nie deur onversadigbare, ontewigde seksualisme nie, ook nie deur kille Victoriaanse seksuele afsydigheid nie. Waar God geen kinders gee nie, kan kinders aangeneem word — soos ons almal deur God in Christus aangeneem word.

4.4 Slotsom

Die Christelike huisgesin is die enigste, onvervangbare basis van goeie en regverdige landsregering en -ontwikkeling, die volvoering van die kultuurgebod van Gen. 1:28 en 9:1. 1 Tim. 3:3 en 5 geld nie net in verband met kerklike regering nie. Ons weet dat volgens die Bybel nooit alle mense Christene sal word nie, maar omdat die Christene die Bybel van God het, rus daar op hulle 'n dubbele verantwoordelikheid om die ander deur woord en daad te leer. Die waarheid van God moet die sondige wêreld ingaan en verlig, en die omgekeerde moet nie gebeur nie, nl. dat die sonde en sondige denke van die wêreld die lig van God se Woord verduister en selfs die kinders van God verwar nie.

Om die voorgaande kortliks saam te vat:

By God vind ons Eenheid, één God, in die drie-eenheid van Vader, Seun en Heilige Gees, wat skep en barmhartiglik na die sondeval herskep in en deur Jesus Christus, die vleesgeworde Woord, gebore uit 'n vrou. Hierin het ons die "horisontale" liefdesverhouding tussen Vader, Seun en Heilige Gees, en 'n vertikale verhouding tot die skepping, asook 'n vertikale gehoorsaamheidsverhouding tussen Jesus en sy Vader in die hemel.

By die mens wat los is van God en sy waarheid nie ken nie, vind ons gewoonlik net 'n blote vertikale of 'n blote horisontale verhouding tussen mense onderling, ook tussen man en vrou. Die een is baas, diktator en die ander klaas en slaaf. Dit kry ons ook by ouer en kind: die kind is die eiendom van die ouers, of die ouers is slawe van die kind. Verder vind ons as alternatief 'n blote horisontale verhouding tussen 'n ieder en elk; dus geen gesag, geen wet en geen orde nie. Elkeen maak wat hy wil omdat hy sy eie baas is.

By albei hierdie alternatiewe is daar geen werklike en ware vryheid nie.

Onder die Christene behoort daar 'n horisontale gelykheidsliefdesverhouding tussen man en vrou te wees, 'n afskaduwing van die heilige drie-eenheid, die tweede heilige driehoek, soos uiteengesit. Die kind begin vertikaal gehoorsaam en afhanklik van sy ouers maar groei hieruit op tot volle mondigheid, en 'n nuwe horisontale verhouding tot sy/haar Godgegewe huweliksmaat. Godgegewe onenersheid tussen man, vrou en kind is die basis van 'n waaragtige liefdeseenheid en regering in liefde. Dit is volmaak geskep, deur die sonde verwoes maar in Christus deur die Heilige Gees weer wederbaar en herskep. Vader en moeder en kind is gelyk, maar oneners, kinders van God tot in ewigheid. Daarom word die ouerlike gesag in sy vertikaliteit geen diktatuur en tirannie nie: die kind bestaan *nie ter wille* van die ouers nie maar *uit* die ouers, ter ere van God, in sy eie vrye, individuele, Godgegewe roeping en kultuurtaak.

Slegs só kan man en vrou, met hulle nageslag, die deur Godgestelde kultuurroeping volvoer en hulle taak uitvoer totdat God op sy tyd alles in die oordeelsdag voleindig en daarna die nuwe hemel en die nuwe aarde gee.

D.C.S. van der Merwe. Ficksburg,

1980-01-29.

Uittreksels uit die Belydenisskrifte

NGB Artikel 2 - Die middele waardeur ons God ken

Ons ken Hom deur twee middele:

Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, *naamlik sy ewige krag en goddelikheid*, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê (Rom. 1:20). Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontnem.

Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend, en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.

Psa. 19:2; Efs. 4:6; 1Ti. 2:5; Deut. 6:4; Mal. 2:10; 1Kor. 8:4; 1Kor. 8:6; 1Kor. 12:1

NGB Artikel 8 - God is een Wese en onderskeie in drie Persone

Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat Hulle nie met mekaar deel nie.

Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge.

Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader.

Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan.

Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeel is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so 'n wyse ondeske dat hierdie drie Persoon slegs een enige God is. Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie. Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid af in een en dieselfde wese. Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.

1Kor. 1:24; Joh. 1:14; 1Joh. 1:1; Openb. 19:13; Spr. 8:22; Kol. 1:15; Mat. 28:19; Mat. 3:16-17; Joh. 1:14; Miga 5:2

NGB Artikel 9 - Skrifgetuienis oor die leer van die Drie-Eenheid

Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onself voel. Die getuienisse van die Heilige Skrif wat ons

leer om in hierdie heilige Drie- eenheid te glo, staan op baie plekke in die Ou Testament en dit is nie nodig om hulle almal op te noem nie.

Ons kan hulle onderskeidend en oordeelkundig uitkies: Genesis 1:26 en 27 [Gen. 1:26-27]: "*En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis...En God het die mens geskape na sy beeld; man en vrou het Hy hulle geskape*"; Genesis 3:22 [Gen. 3:22]: "*Toe sê die Here God: Nou het die mens geword soos een van Ons*". Wanneer God sê: Laat Ons mense maak na ons beeld, blyk daaruit dat daar meer as een Persoon in die Godheid is. En as Hy sê: God het geskep, wys Hy die eenheid van die Godheid aan. Welliswaar sê hy nie hoeveel Persone daar is nie, maar wat vir ons in die Ou Testament enigszins duister is, is in die Nuwe Testament baie duidelik. Want toe die Here in die Jordaan gedoop is, is die stem van die Vader gehoor, wat sê: "*Dit is my geliefde Seun*" (Mat. 3:17). Die Seun is in die water gesien en die Heilige Gees het Hom in die vorm van 'n duif geopenbaar. Buitendien is vir die doop van alle gelowiges hierdie formule deur Christus vasgestel: "*Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees*" (Mat. 28:19). In die Evangelie van Lukas sê die engel Gabriël aan Maria, die moeder van die Here: "*Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word*" (Luk. 1:35); eweneens: "*Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle alma!*" (2Kor. 13:13) en: "*Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees en hierdie drie is een; en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed en die drie is eenstemmig*" (1Joh. 5:7-8).

Ons word op al hierdie plekke baie duidelik geleer dat daar drie persone in een enige Goddelike Wese is. Al gaan hierdie leer die menslike verstand ver te bowe, glo ons dit nou tog deur die Woord, terwyl ons verwag om die volle kennis en vrug daarvan in die hemel te geniet.

Verder moet ons ook let op die besondere ampte en op die eie werkinge van die drie Persone met betrekking tot ons: Die Vader word ons Skepper deur sy krag genoem; die Seun is ons Saligmaker en Verlosser deur sy bloed; die Heilige Gees is ons Heiligmaker deur sy inwoning in ons hart.

Die leer van die heilige Drie-eenheid is in die ware kerk van die tyd van die apostels af tot nou toe altyd onderhou en gehandhaaf teenoor die Jode, Mohammedane en sommige valse christene en kettters soos Marcion, Mani, Praxeas, Sabellius, Samosatenus, Arius en derglike, wat tereg deur die regsinnige vaders veroordeel is.

Daarom aanvaar ons in hierdie opsig graag die drie belydenisse, naamlik dié van die Apostels, Nicéa en Atanasius en ook wat die ou vaders in ooreenstemming hiermee besluit het.

Gen. 5:1; Mat. 3:16; Mat. 28:19; Luk. 1:35; Hand. 2:32; 2Kor. 13:13; 1Joh. 5:7; Hnd. 2:32-33; 1Pet. 1:2; 1Jo. 4:13-14; Gal. 4:6; Ef. 3:14-16; Tit. 3:4-6; Judas 20-21; Rom. 8:9; Hand. 10:38; Hand. 8:29, Hand. 8:37; Joh. 14:16; Joh. 15:26; Joh. 1:33; Spr. 25:27.

Die Geloofsbelydenis van Athanasius

Hierdie belydenisskrif word genoem na Atanasius, die verdediger van die Skriftuurlike leer teen die dwalings van Arius en die 4de eeu, alhoewel dit betwyfel word of dit Atanasius self was wat dit opgestel het. Dit vertolk egter die Kerk se standpunt oor die leer van die Drie-eenheid (NGB, art. 9)

1. Vir elkeen wat salig wil word, is dit in die eerste plek nodig dat hy die algemene geloof moet vashou.
2. As iemand dit nie heeltemal en ongeskonde bewaar nie, sal hy sonder twyfel vir ewig verlore gaan.
3. Die algemene geloof is: Ons moet die een God in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid eer;
4. sonder om die persone te vermeng of die wese te deel.
5. want die Persoon van die Vader is 'n ander, dié van die Seun is 'n ander, dié van die Heilige Gees is 'n ander.
6. Tog het die die Vader die Seun en Heilige Gees een Godheid, gelyke eer en gelyke ewige heerlikheid.
7. Soos die Vader is, so is ook die Seun en ook die Heilige Gees
8. Die Vader is ongeskape, Seun is ongeskape, en die Heilige Gees is ongeskape;
9. onmeetlik is die Vader, onmeetlik is die Seun, onmeetlik is die Heilige Gees
10. Die Vader is ewig, die Seun is ewig, en die Heilige Gees is ewig.
11. Nogtans is daar nie drie ewiges nie maar een Ewige,
12. net so is daar nie drie ongeskapenes of drie onmeetlikes nie maar een Ongeskapene en een Onmeetlike.
13. Eweneens is die Vader almagtig, die Seun almagtig, en die Heilige Gees almagtig;
14. en tog is daar nie drie almagtiges nie maar een Almagtige.
15. So ook is die Vader God, die Seun God en die Heilige Gees God;
16. en tog is daar nie drie gode nie maar een God.
17. So ook is die Vader Here, die Seun Here en die Heilige Gees Here;
18. en tog is daar nie drie Heres nie maar een Here.
19. Want soos ons deur die Christelike waarheid gedwing word om elke Persoon afsonderlik God en Here te noem,
20. word ons ook deur die algemene geloof verbied om drie gode of heres te bely.
21. Die Vader is deur niemand gemaak of geskep of gegeneer nie;
22. die Seun is deur die Vader alleen nie gemaak of geskep nie, maar gegeneer;
23. die Heilige Gees is deur die Vader en die Seun nie gemaak of geskep of gegeneer nie maar gaan van Hulle uit.
24. So is daar een Vader, nie drie vaders nie, een Seun, nie drie seuns nie, een Heilige Gees, nie drie heilige geeste nie.
25. En in hierdie Drieheid is daar nie 'n eerste of 'n laaste nie, nie meeste of minste nie,
26. maar al drie Persone het gelyke ewigheid en is heeltemaal aan mekaar gelyk,
27. sodat in alle opsigte, soos hierbo gesê is, die Eenheid in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid geëer moet word.
28. Wie dus salig wil word, moet so oor die Drie-eenheid dink.
29. Maar vir die ewige saligheid is dit nodig dat hy ook getrou aan die menswording van ons Here Jesus Christus moet glo.
30. So is die opregte geloof dan: Ons glo en bely dan dat ons Here Jesus Christus, die Seun van God, tegelyk God én mens is.
31. Hy is God uit die Wese van die Vader, voor alle tye gegeneer, en mens uit die wese van sy moeder, in die tyd gebore;
32. volkome God, volkome mens met 'n redelike siel en menslike vlees;
33. na die Godheid aan die Vader gelyk, na die mensheid minder as die Vader.
34. En alhoewel Hy God en mens is, is Hy nogtans nie twee nie maar een Christus.

35. Hy is een, nie deur verandering van die Godheid in die vlees nie, maar deur die aanneming van die mensheid in God.
36. Hy is in alle opsigte een, nie deur vermenging van die wese nie maar deur die eenheid van die Persoon.
37. Want soos die redelike siel en die vlees een mens is, so is God en mens een Christus,
38. wat ter wille van ons saligheid gely het, na die hel neergedaal het, op die derde dag uit die dood opgestaan het,
39. na die hemel opgevaar het en aan die regterhand van God, die almagtige Vader, sit.
40. Daarvandaan sal Hy kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
41. By sy koms sal alle mense, met hulle liggame, opstaan
42. en van hulle eie werke rekenskap gee.
43. En die wat goed gedoen het, sal in die ewige lewe ingaan, maar die wat sonde gedoen het, in die ewige vuur.
44. Dit is die algemene geloof; en as iemand dit nie getrou en vas glo nie, sal hy nie salig kan word nie.

Heidelbergse Kategismus, Sondag 41

Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).

- (a) Lev. 18:28.
- (b) Judas 23.
- (c) 1Thess. 4:3-5.
- (d) Heb. 13:4; 1Kor. 7:7.

Vraag 109: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?

Antwoord: Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dade, gebare, woorde (a), gedagtes, luste (b) en alles wat 'n mens daartoe kan verlei (c).

- (a) Ef. 5:3-4; 1Kor. 6:18-19.
- (b) Mat. 5:27-28.
- (c) Ef. 5:18; 1Kor. 15:33.